***'n TAALKONSTRUKTIVISTIESE BENADERING TOT DIE BEHOEFTEBEPALINGSPROSES IN GEMEENSKAPSWERK/ONTWIKKELING***


deur

**CORNELIA MAGRIETHA VAN DER BERG**


voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir
die graad

**MAGISTER ARTIUM IN DIE SOSIALE WETENSKAPPE**
**(GEESTESGESONDHEID)**


in die

**DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: DR KJ COLLINS**
**MEDESTUDIELEIER: DR MA O'NEIL**



**JUNIE 1997**

## DANKBETUIGINGS


Ek wil graag die volgende persone bedank vir hulle aandeel in die voltooiing van hierdie studie:

- Die Here, wat weer eens Sy belofte aan my in Markus 9:23 bevestig en nagekom het.

- My man, Deon, wat my met liefde onderskraag het en verantwoordelik is vir die tegniese versorging van hierdie stuk.

- My ma, wat meer as gewillig was om te help wanneer ek dit baie nodig gehad het.

- Dr. Kathy Collins en dr. Margaret O'Neil, my studieleiers, wat met vele geduld en wysheid my deur hierdie studie begelei het.

- Mevrou Pinky Vilakazi, my kollega, sonder wie se hulp ek nooit die gemeenskap sou kon verstaan nie.

- Die gemeenskap van die Madibatlouskool wat my toegelaat het om hulle te leer ken, en wat hierdie studie vir my moontlik gemaak het.

## OPSOMMING

Hierdie verhandeling beskryf 'n taalkonstruktivistiese benadering tot die behoeftebepalingsproses in gemeenskapswerk. Taalkonstruktivisme vorm deel van konstruktivisme.

Taalkonstruktivisme word verduidelik in terme van 'n aantal beginsels en hoe dit toegepas kan word op die behoeftebepalingsfase. Dit fokus op die volgende:

- Die belangrikheid van taal en betekenis in die gemeenskapswerker se eie denke en interpretasies van 'n gemeenskap se behoeftes.

- Die belangrikheid van taal en betekenis en die verbalisering van 'n gemeenskap se behoeftes.

- Die versigtigheid waarmee die kommunikasieproses met 'n gemeenskap benader moet word.

- Die skep van idees wat in taal plaasvind en ook verander kan word wanneer daar behoeftebepaling in 'n gemeenskap gedoen word.

Hierdie beskrywing van die taalkonstruktivistiese beginsels vind plaas aan die hand van 'n gevallestudie vanuit die navorser se praktiese werk wat uitgevoer is as gedeeltelike vereiste ter vervulling van die Meestersgraad. Dit beklemtoon die implikasies van die toepassing van taalkonstruktivisme op gemeenskapswerk.

## SUMMARY

This dissertation describes a language constructivist approach to the phase of needs assessment in community work. Language constructivism is part of constructivism.

Language constructivism is explained in terms of certain principles and how they can be applied to needs assessment. The focus is on the following:

- The part language performs in the community worker's own thoughts and interpretations of a community's needs.
- The importance of language and meaning when a community verbalises its needs.
- The care with which the communication process with a community should be approached.
- The creation of ideas which can take place and change in language when a community's needs are being assessed.

This description of the principles of language constructivism is done according to a case study of the researcher's practical work which was done as part of the requirements in fulfillment of the Master's degree. It emphasizes the application of language constructivism to community work.



Key terms:

Community development; Community work; Language constructivism; Needs assessment; Black farm schools; Parent/teacher committee; Communication process; Community worker's role; Generative themes; Constructivism.

# INHOUDSOPGAWE.


| | | |
|---|---|---|
| **HOOFSTUK 1** | | 1 |
| **OMVANG VAN DIE STUDIE** | | 1 |
| 1.1 | DOELSTELLING | 2 |
| 1.2. | KONTEKS EN PARADIGMA VAN DIE NAVORSING | 2 |
| 1.2.1 | Die konteks van die navorsing | 2 |
| 1.2.2 | Die paradigma van die navorsing | 4 |
| 1.3 | NAVORSINGSMETODE EN WYSE VAN ONDERSOEK | 9 |
| 1.3.1 | 'n Kwalitatiewe metode | 9 |
| 1.3.2 | Probleembeskrywing | 10 |
| 1.3.3 | Data-insamelingsmetode | 12 |
| 1.3.4 | Fases tydens die behoeftebepalingsproses | 14 |
| 1.3.5 | Geldigheid van die navorsing | 16 |
| **HOOFSTUK 2** | | 18 |
| **LITERATUURSTUDIE** | | 18 |
| 2.1 | BEGRIPSOMSKRYWING | 19 |
| 2.1.1 | Gesinsterapie | 19 |
| 2.1.2 | Probleemsisteem | 19 |
| 2.1.3 | Gemeenskapswerk | 20 |
| 2.1.4 | Gemeenskapsontwikkeling | 22 |
| 2.1.5 | Terapeut | 25 |
| 2.1.6 | Gemeenskapswerker/fasiliteerder | 25 |
| 2.2 | TAALKONSTRUKTIVISME | 26 |
| 2.2.1 | Oorsprong | 26 |
| 2.2.2 | Beginsels | 30 |
| 2.2.3 | Die rol van die gemeenskapswerker as fasiliteerder binne 'n taalkonstruktivistiese paradigma | 35 |
| 2.3 | DIE BEHOEFTEBEPALINGSPROSES IN GEMEENSKAPSWERK/ ONTWIKKELING EN KOMMUNIKASIE | 40 |

2.3.1 Die belangrikheid van kommunikasie tydens die behoeftebepalingsproses 41
2.3.2 Metodes van kommunikasie tydens die behoeftebepalingsproses 44
2.4 SAMEVATTING 51

**HOOFSTUK 3** 52

**GEVALLESTUDIE VAN 'N GEMEENSKAPSWERKPROJEK BY DIE MADIBATLOUSKOOL** 52

3.1 INLEIDING 52
3.2 DOELWITTE VAN DIE HOOFSTUK 53
3.3 AGTERGROND VAN DIE GEMEENSKAP 54
3.4 FASE 1 - VOORAFFASE 57
3.4.1 Beskrywing van die fase 57
3.4.2 Evaluasie van die fase in terme van die beginsels van taalkonstruktivisme 60
3.4.3 Evaluasie van die fase in terme van die rol van die gemeenskapswerker volgens 'n taalkonstuktivistiese perspektief 62
3.5 FASE 2 - EERSTE FORMELE STAP IN DIE BEHOEFTEBEPALINGSPROSES 63
3.5.1 Beskrywing van die fase 63
3.5.2 Evaluasie van die fase in terme van die beginsels van taalkonstruktivisme 66
3.5.3 Evaluasie van die fase in terme van die rol van die gemeenskapswerker volgens 'n taalkonstruktivistiese perspektief 69
3.6 FASE 3 - EERSTE VERGADERING VAN OUERS, ONDERWYSERS EN TRUSTEELEDE 70
3.6.1 Beskrywing van die fase 70
3.6.2 Evaluasie van die fase in terme van die beginsels van taalkonstruktivisme 72
3.6.3 Evaluasie van die fase in terme van die rol van die gemeenskapswerker volgens 'n taalkonstruktivistiese perspektief 74
3.7 FASE 4 - SKOOLKINDERS VOER TONEELTJIES OP 75
3.7.1 Beskrywing van die fase 75
3.7.2 Evaluasie van die fase in terme van die beginsels van taalkonstruktivisme 77
3.7.3 Evaluasie van die fase in terme van die rol van die gemeenskapswerker volgens 'n taalkonstruktivistiese perspektief 79

3.8 FASE 5 - OUERKOMITEE WORD GESTIG - SLOTFASE 80
3.8.1 Beskrywing van die fase 80
3.8.2 Evaluasie van die fase in terme van die beginsels van taalkonstruktivisme 83
3.8.3 Evaluasie van die fase in terme van die rol van die gemeenskapswerker volgens 'n taalkonstruktivistiese perspektief 85

**HOOFSTUK 4** 88
**GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS: DIE WAARDE VAN TAALKONSTRUKTIVISME VIR DIE PROSES VAN BEHOEFTEBEPALING IN GEMEENSKAPSWERK** 88
4.1 GEVOLGTREKKINGS 88
4.2 AANBEVELINGS 90
4.3 SLOTOPMERKINGS 92

**BIBLIOGRAFIE** 94

# HOOFSTUK 1

# OMVANG VAN DIE STUDIE

Hierdie kwalitatiewe studie het beoog om die waarde van 'n taalkonstruktivistiese benadering tot die proses van behoeftebepaling in gemeenskapswerk aan te dui. Die waarde van bogenoemde benadering vir behoeftebepaling word gesien in terme van die verkryging van vollediger en meer toepaslike inligting wat tydens die behoeftebepalingsproses verkry kan word; asook die geleentheid wat die benadering skep vir verskeie groepe in die gemeenskap om deel te kan neem aan die behoeftebepalingsproses.

Daar is gepoog om die behoeftebepalingsproses wat plaasgevind het tydens die navorser se uitvoering van haar gemeenskaspwerkprojek, ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad MA (SW), te benader volgens die beginsels van taalkonstruktivisme. Taalkonstruktivisme word dan as die teoretiese denkraamwerk van die studie beskou, wat geïntegreer word met die metodes en beginsels van gemeenskapswerk tydens die behoeftebepalingsproses. Die belangrikheid van die persepsies van die rolspelers in gemeenskapswerk tydens behoeftebepaling word aangedui. Die gevolgtrekking is dat daar deur middel van die taalkonstruktivisme, tydens behoeftebepaling 'n konteks geskep kan word waarin die gemeenskap self hulle behoeftes kan identifiseer en prioritiseer, wat hulle daartoe instaat stel om self oplossings vir hulle eie probleme te kan vind.

## 1.1 DOELSTELLING

Die doel van die studie was om die taalkonstruktivisme as benaderingswyse te ondersoek waardeur die behoeftebepalingsproses in gemeenskapswerk meer sinvol en effektief uitgevoer kan word, met spesifieke verwysing na die kommunikasieproses. Die metode van benadering het voortgevloei vanuit die beginsels en werkswyses van taalkonstrutivisme, in samewerking met die bestaande metodiek van die gemeenskapswerkproses tydens behoeftebepaling.

## 1.2 KONTEKS EN PARADIGMA VAN DIE NAVORSING

### 1.2.1 Die konteks van die navorsing

Hierdie navorsing is gedoen binne die konteks van die navorser se gemeenskapswerkprojek wat uitgevoer is by die Madibatlouskool, 'n plaasskool, naby Irene in die groter Pretoria-omgewing. Die gemeenskapswerkprojek het deel gevorm van die student se studieverpligtinge waarvan hierdie navorsing ook 'n komponent is.

Slegs die behoeftebepalingsproses as 'n gedeelte van die totale gemeenskapswerkprojek wat uitgevoer is, is vir die doeleindes van hierdie navorsing gebruik. Daar sal dus nou spesifiek verwys word na die konteks van hierdie behoeftebepalingsproses.

Alhoewel behoeftebepaling binne die gemeenskapswerkmodelle aangedui word as 'n fase in die gemeenskapswerkproses (die fase volg na die fases van kontakmaking en toetrede tot die gemeenskap), meld Swanepoel (1990:28) dat behoeftebepaling reeds informeel begin in die eerste fase van kontakmaking met die gemeenskap. Sodra daar dus met die gemeenskap begin **kommunikeer** word oor wie hulle is en wat hulle persepsies van hulleself is, word daar reeds met behoeftebepaling begin. Behoeftebepaling is dan ook nie net beperk tot 'n bepaalde fase nie, maar kan deurlopend in die gemeenskapswerkproses plaasvind, omdat daar voortdurend geëvalueer moet word welke behoeftes al bereik is, en welke nuwe behoeftes daar mag ontstaan het. Om hierdie rede verwys die navorser na behoeftebepaling as 'n proses en nie net 'n fase wat begin en afgesluit word nie.

Die rede waarom die navorser fokus op die behoeftebepalingsproses as konteks waarbinne die navorsing uitgevoer is, is omdat dit die belangrikste deel van die gemeenskapswerkproses is. Behoeftebepaling en die wyse waarop die behoeftes geformuleer is, sal 'n sterk invloed hê op die hantering daarvan in die opeenvolgende fases van die proses (Lombard, 1991:264). Die behoeftebepalingsproses is dus van kritiese belang vir die uitvoer van enige projek, omdat dit die werkswyse van probleemoplossing sal bepaal, en ook sal verseker dat slegs die probleme wat werklik deur die gemeenskap geverbaliseer word of in taal gekonstrueer word aangespreek sal word.

Die belangrikheid van die behoeftebepalingsproses word ook deur Stufflebeam, McCormick, Brinkerhoff en Nelson (1985:3) beklemtoon deurdat hulle meld dat

behoeftebepaling 'n voorvereiste geword het vir die loods van enige tipe gemeenskapsontwikkelingsprogram, en dat behoeftebepaling voortdurend uitbrei in terme van die doel, uitvoer en benutting daarvan. Laasgenoemde skrywers (1985:4) meld ook dat die behoeftebepalingsproses verskillende tipes perspektiewe het en ook met 'n wye verskeidenheid metodes aangepak kan word.

Met hierdie navorsing wil die navorser dan ook die taalkonstruktivisme, en metodes relevant tot behoeftebepaling wat daaruit voortvloei, bespreek. Uit die navorsing sal dit duidelik word dat daar 'n nuwe klem geplaas word op die belangrikheid en dinamika van kommunikasie tydens die behoeftebepalingsproses. In die literatuurstudiegedeelte sal daar verder gefokus word op die rol wat kommunikasie in die gemeenskapswerkliteratuur speel.

### 1.2.2 Die paradigma van die navorsing

Taalkonstruktivisme vorm deel van konstruktivisme. Taalkonstruktivisme het ontwikkel binne 'n post-modernistiese paradigma. Volgens die konstruktiviste is die werklikheid, en dus ook gemeenskapsisteme, nie onties kenbaar en beskryfbaar nie (Efran, Lukens & Lukens, 1988:28). Ten einde te verstaan waar taalkonstruktivisme inpas sal dit nodig wees om eers te verduidelik waaroor konstruktivisme handel. Volgens Efran, Lukens en Lukens, (1988:28) gaan konstruktivisme bloot daaroor dat Kant se model van kennis verkies word bo die van Locke. Die agtiende eeuse filosoof, Immanuel Kant, het kennis beskou as die skep van 'n aktiewe organisme wat in interaksie verkeer met 'n omgewing. In kontras hiermee staan die uitgangspunt van

Locke, die grondlegger van Britse Empirisme, wat kennis sien as die *"result of the outside world etching a copy of itself onto our initially blank minds"* (Efran, Lukens & Lukens, 1988:28). Volgens Locke is die beelde in ons denke basies verteenwoordigers van iets buite die organisme, terwyl Kant van mening is dat dit wat ons in ons denke ervaar skeppings is van die organisme, wat geproduseer word as 'n byproduk van sy navigasie deur die lewe. Daar kan dus gesê word dat *"the images of the objectivist can be thought of as "discoveries" about the outside world, and the images of the constructivists are more like "inventions" about what is out there"* (Efran, Lukens & Lukens, 1988:28).

Die kern van konstruktivisme is dat daar 'n groeiende bewustheid is dat enige sogenaamde realiteit die konstruksie is van diegene wat glo dat hulle dit ontdek en nagespeur het. Konstruktivistiese denkers erken dat hulle 'n aktiewe rol speel in die skepping van 'n persepsie van die wêreld, en dat hulle waarnemings interpreteer in terme daarvan. Die belangrikste uitgangspunt van konstruktivisme is die erkenning dat ons hipotese rakende die wêreld nie direk bewysbaar is nie en ook nie finaal is nie. 'n Verdere belangrike uitgangspunt van konstruktivisme, wat ook die basis van taalkonstruktivisme vorm, handel oor konteks en betekenis. Alles wat gesê word het slegs betekenis binne die konteks waarbinne dit gesê word.

Vir die konstruktivis is gebeure nie net iets wat plaasvind nie, maar dit is 'n raamwerk van aktiwiteit en interpretasie wat moontlik gemaak word deur die gedeelde taalsisteem waarbinne ons almal funksioneer. Alle gebeure vind dus plaas binne taal. Konstruktivisme is 'n teorie van kennis en nie 'n versameling van terapeutiese

tegnieke nie. Binne die konstruktivistiese gesinsterapie word terapie as dialoog gesien waarbinne die terapeut en kliënt ewe veel verantwoordelikheid dra en waarbinne die terapie gebeur deurdat dit ontvou as gevolg van die wedersydse dialoog wat plaasvind. Taalkonstruktivisme fokus dan meer spesifiek op hierdie dialogiese proses en poog om dit te verken, beskryf en uiteen te sit. Dit is dan ook hierdie dialogiese proses wat deur die navorser binne die gemeenskapsontwikkelingskonteks verken wil word.

'n Gemeenskap of groepe in 'n gemeenskap wat met 'n gemeenskapswerker in gesprek is oor die gemeenskap waarin hulle hulself bevind, is nie besig met objektiewe werklikheidsbeskrywing nie. Mense kan net in taal met mekaar omgaan. Om hierdie rede is taalkonstruksies nie spieëlbeelde van die werklike gemeenskap nie, maar skep taal die "werklikhede" vir die gemeenskap. Anderson en Goolishian (1988:378) druk dit soos volg uit:

> *"The conceptualisation of reality as a multiverse of meanings created in dynamic social exchange and conversation interaction moves us away from concerns about issues of unique truths and into a multiverse that includes a diversity of conflicting versions of the world".*

Binne hierdie raamwerk is daar dan geen "werklike" entiteite nie, maar slegs "in taal" kommunikerende indiwidue. Mense ontwikkel dus hulle eie realiteite deurdat hulle met mekaar in gesprek tree. Die behoeftebepalingsproses in 'n gemeenskap word ook deur middel van taal gedoen, en kan dus beskou word as 'n proses waar die gemeenskap saam met die gemeenskapswerker realiteite genereer wat hulle "behoeftes" noem, of as sodanig beskou.

Dit gaan dus hier oor 'n nuwe paradigma. Dit wat die objektivis (tradisionele benadering) sien, kan beskou word as "ontdekkings" van die buitewêreld; terwyl dit wat die konstruktivis (postmoderne benadering) sien, eerder "uitvindings/skeppings" is van wat in die wêreld aangaan (Efran & Lukens, 1988:28). Hierdie uitvindings/skeppings vind dan in taalkonstruksies plaas.

'n Verdere belangrike konsep of aanname binne die konstruktivistiese denke is dat die fasiliteerder/gemeenskapswerker self 'n aktiewe rol speel in die skepping van 'n nuwe wêreld, en dat hy sy waarnemings in terme daarvan interpreteer. Hierdie medeskeppingsrol wat die werker dus aanneem vind veral plaas wanneer hy in gesprek tree met die gemeenskap en hulle saam 'n nuwe werklikheid binne taal konstrueer.

Die belangrikheid van konteks en betekenis kan vervolgens ook gemeld word as 'n kenmerk van konstruktivisme. Hier gaan dit daaroor dat iets slegs betekenis het wanneer dit binne 'n bepaalde konteks beskou word. Konteks gee dus betekenis aan die konstruksies van mense. Efran en Lukens (1988:28) meld die volgende in hierdie verband: *"Problems - mental or otherwise - are not circumstances or actions taken in isolation. They are ascriptions of meaning that arise within a particular tradition"*. Enige gebeure in 'n gemeenskap kan dus gesien word as 'n raamwerk van aktiwiteit en interpretasie, wat moontlik gemaak word deur die taalsisteem waarin daardie gemeenskap funksioneer. Die trauma of vreugde van enige gebeurtenis vind plaas binne taal en verkry betekenis binne die konteks waarin dit plaasvind.

Dit is duidelik dat taalkonstruktivisme nie 'n gestruktureerde liniêre paradigma is nie.

In teenstelling hiermee is die verskillende modelle van waaruit gemeenskapswerkprojekte gewoonlik aangepak word juis gestruktureerd, met bepaalde stappe wat gevolg moet word.

Ten spyte van hierdie verskille is daar egter ook in hierdie navorsing gepoog om die twee verskillende benaderingswyses op bepaalde vlakke te integreer. Daar is in der waarheid gepoog om die behoeftebepalingsproses te verstaan vanuit 'n nuwe denkwyse, met inagneming van die tradisionele benadering tot behoeftebepaling in gemeenskapswerk. In die volgende hoofstuk sal daar van naderby gekyk word na die verskillende benaderingswyses.

Ten slotte kan ook vermeld word dat die waarde van hierdie nuwe sienswyse vir die praktisyn daarin geleë is dat behoeftebepaling nie net 'n fase in 'n proses is wat moet help om behoeftes en probleme te identifiseer nie. In der waarheid blyk dit moontlik te wees dat indien die behoeftebepalingsfase op 'n taalkonstruktivistiese wyse benader word, waarin dialoog die basis vorm, dit vir die praktisyn moontlik is om saam met die gemeenskap reeds 'n aantal behoeftes en probleme aan te spreek of op te los.

Dit is moontlik omdat die gemeenskapswerker gesprek fasiliteer binne die gemeenskap wat daartoe aanleiding gee dat hulle met mekaar begin praat en sodoende reeds probleme uitsorteer en behoeftes herformuleer sodat dit meer werkbaar kan word. Vanuit hierdie studie sal die navorser dan ook aandui dat die toepassing van bogenoemde benaderingswyse tydens die behoeftebepalingsfase juis baie waardevol was vir haar projek in sy totaliteit.

## 1.3 NAVORSINGSMETODE EN WYSE VAN ONDERSOEK

### 1.3.1 'n Kwalitatiewe metode

In hierdie navorsing is daar gebruik gemaak van 'n kwalitatiewe en induktiewe metodologie. 'n Kwalitatiewe studie impliseer volgens Mouton en Marais (1992:164-166) dat die konsep wat nagevors word op meerdere wyse geïnterpreteer kan word, dat die navorser betrokke is in gebeure, dat die navorsing op nie-gestruktureerde wyse geskied en dat dit kontekstualiserend is. Al bogenoemde eienskappe kom voor in die navorsing wat onderneem is; omdat dit 'n gevallestudie is waarby die navorser betrokke was en wat uitgevoer is na gelang van die gemeenskap oor wie die navorsing gehandel het, se eie tempo en behoeftes.

Die navorsing is ook induktief en verkennend van aard (Mouton & Marais, 1992:105) omdat die navorsing nie baie gestruktureerd is nie en die navorser poog om deur 'n indringende studie van die data verbande of samehangende patrone daarin bloot te lê. Die data is dus reeds ingesamel, omrede dit verkry word vanaf die navorser se gemeenskapswerkprojek. In aansluiting hierby meld Graham en Jones (1992:237) dat wanneer daar navorsing gedoen word in die veld van gemeenskapsontwikkeling, die gemeenskapsontwikkeling die navorsing moet voorafgaan: *"Research within a Community Development focus assumes that CD is already in place: CD comes first and it is CD itself that is likely to give rise to research."* Dit is dan ook die gebeure in die navorser se gemeenskapswerkprojek wat aanleiding gegee het tot hierdie navorsing.

'n Verdere belangrike aspek wat hierdie 'n kwalitatiewe studie maak, is dat daar soos Graham en Jones (1992:239) dit stel, saam met die gemeenskap gewerk word, sodat die probleem "saam nagevors" word - hierdie proses dra dan ook by tot die volmagtiging van die gemeenskap. Tydens die gemeenskapswerkprojek was dit dan ook juis die betrokkenheid van die gemeenskap wat die navorser gehelp het om die navorsingsprobleem te beskryf.

### 1.3.2 Probleembeskrywing

Die ontledingseenheid van die navorsing kan in die woorde van Mouton en Marais (1992:41) beskryf word as 'n "groep" omdat daar gewerk is met 'n gemeenskap, maar in hierdie navorsing word daar eerder meer gefokus op die "gebeurtenis" binne die gemeenskapswerkproses wat as behoeftebepaling bekend staan, as die eenheid van analise. Met verwysing na bogenoemde skrywers (1992:45) se terminologie, kan ook vermeld word dat die studie verkennend van aard is omdat daar gepoog is om nuwe insigte oor die domeinverskynsel in te win. Laasgenoemde kan dan beskou word as die navorser se poging om nuwe insigte rakende 'n konstruktivistiese benadering tot die behoeftebepalingsfase in te win.

Volgens Graham en Jones (1992:236) is probleembeskrywing 'n gemeenskapsontwikkelingsaktiwiteit wat gegenereer word deur die mense wat in die gemeenskap bly en wat hulle eie ervaringe reflekteer. In die geval van die navorser se werk kan hierdie aktiwiteit dan beskou word as die behoeftebepalingsproses waarvan die gemeenskap self ook deel was. Dit was dan juis die taalinteraksie tussen

die navorser en gemeenskap tydens hierdie fase wat aanleiding gegee het tot die navorsing.

'n Verdere baie belangrike aspek wat Nturibi (1982:112) aanraak om die noodsaaklikheid van navorsing aangaande kommunikasie en die behoeftebepalingsproses aan te dui is dat gemeenskapswerkers se kommunikasie met die gemeenskap gewoonlik slegs in een rigting is, omdat hulle nie verwag dat hulle veel sal leer van die gemeenskap met wie hulle in interaksie tree nie.

Hierdie digotomie in persepsie lei daartoe dat die gemeenskap se wysheid geïgnoreer word deur die gemeenskapswerkers. Die werkers het dan 'n idee dat hulle vir die gemeenskap moet sê wat hulle moet doen, instede daarvan om in dialoog met die gemeenskap te tree rakende hulle persepsies.

Dit is dus belangrik dat gemeenskapswerkers moet besef hulle moet luister na die gemeenskap ten einde uit te vind hoe hulle dinge doen, en welke wyshede hulle het om aan te bied.

'n Laaste punt om die belangrikheid van kommunikasie in gemeenskapsontwikkeling te illustreer; word verduidelik deur Broadbent (1978), wat in sy artikel klem lê op veral kommunikasie met die mense op voetsoolvlak.

In sy navorsing het Broadbent (1978) agtergekom dat die gewone kommunikasiekanale, soos die media, vir die gemeenskappe op grondvlak weinig

voordele inhou. Die rede hiervoor is dat hulle gewoonlik nie televisies, radios, ensomeer het nie. Hulle kan ook nie altyd almal lees nie. Dit is egter so dat veral staatsontwikkelingsorganisasies eerder die media sal gebruik om met landelike gemeenskappe kontak te maak, as wat hulle self na die mense toe sal gaan.

Staatsontwikkelingsprogramme in veral onderontwikkelde lande misluk ook dikwels. Dit is hieroor dat Broadbent (1978:39) kommunikasie met gemeenskappe bepleit wat werklik hulle perspektiewe sal openbaar. Slegs wanneer daar met gemeenskappe, al is hulle op afgeleë plekke, in gesprek getree word, sal daar vordering gemaak kan word. Dit impliseer dus dat ook die beleidmakers bereid sal moet wees om toe te tree tot aktiewe dialogiese gesprek met gemeenskappe. Hierdie is 'n behoefte wat reeds in 1978 deur 'n skrywer soos Broadbent (1978:39) geïdentifiser is: *"Publications which are capable of bridging the gap between policymakers and the small farmers are urgently needed."*

### 1.3.3 Data-insamelingsmetode

Die hoofmetode van data-insameling wat in hierdie navorsing gebruik is, kan soos Reason en Rowan (1981:299) dit stel, beskou word as *"dialogue as inquiry and intervention"*. Die navorser het gepoog om as gemeenskapswerker die gemeenskap se behoeftes te bepaal deur middel van dialoog as intervensiestrategie. Terselfdetyd het die navorser dialoog gebruik om data mee in te samel. Dit sou onmoontlik vir die navorser gewees het om die behoeftebepalingsproses konstruktivisties te benader sonder dialoog tussen haar en die gemeenskap. Beide die navorser en die gemeenskap

is dan ook beïnvloed tydens hulle gesprekvoering. Die insigte wat die navorser verkry het tydens haar gesprekvoering met die gemeenskap, het aanleiding gegee tot hierdie navorsing.

Data is ook ingesamel op 'n **deelnemende wyse**, iets wat volgens Graham en Jones (1992:239) 'n voorvereiste is vir navorsing in gemeenskapsontwikkeling. Laasgenoemde skrywers meld ook dat 'n oop-einde benadering gevolg moet word, wat insluit ongestruktureerde onderhoude met indiwidue en groepe, mondelinge agtergrondsketse, en dies meer. Alvorens die navorser gaan verduidelik van welke oop-einde data-insamelingsmetodes sy gepoog het om gebruik te maak, sal die konteks waarbinne die navorsing gedoen is kortliks beskryf word. Die gemeenskapswerkprojek waarbinne die navorsing uitgevoer is, het gestalte gevind in die buitewyke van Pretoria by 'n swart plaasskooltjie wat ook naby Irene geleë is. Die skool het bestaan uit 'n ou plaasstal waarbinne die gradeklasse gehuisves is, en asbesgeboue waarbinne daar klas gegee is vir kinders tot en met standerd ses. Die skool is bestuur deur 'n privaat trust bestaande uit 'n dame, as voorsitter en beskermvrou, op wie se plaas die skool gehuisves is, en 'n aantal ander besorgde plaasboere van die omgewing. Data vir die behoeftebepalingsproses is dan bekom deur in dialoog te tree met die kinders van die skool, die onderwysers, veral die skoolhoof, lede van die trust, en die beskermvrou van die trust. Data is ook ingesamel via gesprekke met die MA student wat voor die navorser by die gemeenskap betrokke was, asook die dosente by die Departement vir Maatskaplike Werk aan Unisa, wat die gemeenskap aan die navorser bekend gestel het vanweë hulle betrokkenheid by die gemeenskap tot op daardie tydstip. Dit is dan binne hierdie konteks wat die navorser gepoog het om die volgende

oop-einde data-insamelingsmetodes te gebruik, naamlik:

- persoonlike onderhoude met indiwidue en groepe (onderwysers, kinders, ouers, trustlede, dosente);
- die navorser se prosesnotas;
- groepbesprekings;
- deelnemende waarneming;
- toneeltjies deur skoolkinders opgevoer;
- notas gemaak deur skoolkinders.

Deur dit alles het dialoog egter deurgaans die belangrikste element van data-insameling gebly.

### 1.3.4 Fases tydens die behoeftebepalingsproses

Vir die doeleindes van hierdie navorsing kan die behoeftebepalingsproses, wat die navorser se fokus van ondersoek is, in die volgende fases ingedeel word. Hierdie fases word uiteengesit aan die hand van die navorser se eie indeling daarvan. In hoofstuk drie sal die fases in meer detail bespreek word en ook verbind word met taalkonstruktivisme as teoretiese denkraamwerk. Die presiese aspekte van taalkonstruktivisme wat met die behoeftebepalingsproses verbind sal word is uiteengesit in hoofstuk twee onder punte 2.2.2 en 2.2.3. Die konteks waarbinne hierdie fases uiteengesit is kan soos volg beskryf word. Die navorser se kennismaking met die gemeenskap het begin by bestudering van die vorige MA student wat by die gemeenskapswerkprojek betrokke was se verslae oor die gemeenskap asook gesprekke

met die betrokke dosente, soos vermeld onder 1.3.3. Hierna het kontakmaking met van die onderwysers en kinders van die skool gevolg waardeur data bekom is. Die volgende stap was 'n vergadering met die ouers, onderwysers en trustlede (wat die skool bestuur het). Verdere data is verkry vanuit toneeltjies wat deur die skoolkinders opgevoer is. Al die inligting wat tot op daardie tydstip ingesamel is, is dan op 'n volgende gemeenskapsvergadering van ouers, onderwysers en trustlede gereflekteer sodat behoeftes verfyn en afgebaken kon word. As uitvloeisel hiervan is 'n ouerkomitee gestig wat dan die volgende fase in die gemeenskapsontwikkelingsprojek ingelui het. Alhoewel behoeftebepaling en reflektering 'n deurlopende proses is gedurende die uitvoer van die verskillende fases van 'n gemeenskapsontwikkelingsprojek, is die formele behoeftebepalingsfase van die projek dan afgesluit met die stigting van die ouerkomitee. Hierdie behoeftbepalingsproses kan dan in die volgende fases verdeel word.

**FASE 1: Die vooraffase**

- Hierdie fase het tydens die kontakmaakfase in die gemeenskapswerkproses begin. Dit beteken dat die navorser reeds terwyl sy die gemeenskap leer ken het deur middel van dialoog en die bestudering van verslae oor die gemeenskap, taalkonstruksies oor hulle behoeftes begin vorm het.

**FASE 2: Eerste formele stap in behoeftebepalingsproses**

- Die navorser het ten eerste aan 'n sekere deel van die gemeenskap (bestaande uit onderwysers en skoolkinders) gevra om hulle behoeftes neer te skryf - hierdeur is die behoeftebepalingsfase in die gemeenskapswerkproses ingelyf.

**FASE 3: Eerste vergadering van ouers, onderwysers en trusteelede**

- Vir die eerste keer het bogenoemde groepe persone byeengekom en is daar begin om na die verskillende groepe se behoeftes te kyk en hulle taalkonstruksies daarvan te bepaal. Die data verkry in fase twee is ook tydens hierdie vergadering teruggekaats aan die gemeenskap.

**FASE 4: Skoolkinders voer toneeltjies op**

- Deur middel van toneeltjies wat deur die kinders en onderwysers self geskep is, is 'n verdere taalkonstruksie van die gemeenskap se behoeftes verkry.

**FASE 5: Ouerkomitee word gestig - slotfase**

- Die identifisering van die gemeenskap se dringendste behoeftes begin vorm aanneem. Die reflektering van die gemeenskap se idees deur middel van plakkate met woorde op aktiveer gesprek sodat die behoeftes verder verfyn kan word. Die stigting van 'n ouerkomitee kon plaasvind nadat daar aan die gemeenskap teruggekaats is wat in die voorafgaande fases as behoeftes geïdentifiseer is. Die hele proses van behoeftes prioritiseer het op 'n taalkonstruktivistiese wyse plaasgevind. Dialoog het 'n sleutelrol vertolk.

### 1.3.5 Geldigheid van die navorsing

Daar kan gesê word dat daar in hierdie gemeenskapswerknavorsing gebruik gemaak word van dialoog as beide metode van ondersoek en intervensie (Reason en Rowan 1981:293). In hierdie opsig meld laasgenoemde skrywers (1981:301) dat

ondergeorganiseerde sisteme, soos die wat nie formele strukture het nie sowel as vae grense, moontlik slegs bestudeerbaar is deur middel van dialoog. Die gemeenskap deur die navorser bestudeer was dan ook ondergeorganiseer, en dit was deur middel van die gemeenskapswerkproses dat die gemeenskap meer gestruktureerd begin raak het.

Voorts meld Reason en Rowan (1981:299) ook dat geldigheid impliseer 'n egte weergawe van die realiteit, en: *"Traditional research paradigm emphasizes an elaborate set of criteria for validity. The dialogue as method of inquiry and intervention negates some of these criteria of validity. The data-collection process that is most relevant to both parties determines its validity."* In die geval van hierdie navorsing kan gesê word dat dialoog vir beide die navorser en gemeenskap die beste metode was om inligting in te samel sowel as om as gemeenskap te kon groei en verander. Om bogenoemde redes is die navorser dus wel van mening dat die navorsing as geldig beskou kan word.

In die volgende hoofstuk sal daar 'n literatuuruiteensetting gegee word van die teoretiese grondslae van taalkonstruktivisme, asook hoe dit aansluiting vind by gemeenskapswerk.

# HOOFSTUK 2

# LITERATUURSTUDIE

Omdat taalkonstruktivisme 'n komplekse teorie is, sal dit nodig wees om binne hierdie literatuurstudiehoofstuk aandag aan die oorsprong en uitgangspunte daarvan te skenk, ten einde 'n beter begrip van die werking van die teorie te kan vorm. Omdat taalkonstruktivisme ook hoofsaaklik fokus op kommunikasie, sal daar dan spesifiek gekyk word na wat in die gemeenskapswerkliteratuur geskryf is met betrekking tot kommunikasie en die behoeftebepalingsproses. Die literatuur word vanuit hierdie hoek benader omdat die navorsing veral 'n bydrae wil lewer met betrekking tot die rol en plek van kommunikasie tydens die behoeftebepalingsproses, soos uiteengesit deur die taalkonstruktivisme.

Dit is op hierdie stadium ook van belang om te vermeld dat omdat taalkonstruktivisme 'n benadering is wat binne die gesinsterapie gebruik word, daar deurgaans in die literatuur verwys word na die "terapeut" binne 'n "terapeutiese proses". In gemeenskapsontwikkeling word daar egter nie terapie gedoen nie, maar ontwikkelingswerk. Hierdie ontwikkelingswerk word deur die gemeenskapswerker gefasiliteer. Alhoewel daar dus in hierdie verhandeling aangedui sal word hoedat die gesinsterapeutiese literatuur vir gemeenskapswerk gebruik kan word, is daar 'n definitiewe verskil tussen die terapeut en die gemeenskapswerker, en tussen terapie en gemeenskapswerk- en ontwikkeling. Hierdie verskille sal duidelik navore kom in die onderstaande begripsomskrywing.

## 2.1 BEGRIPSOMSKRYWING

Alvorens taalkonstruktivisme van naderby beskou kan word, is dit belangrik om eers 'n aantal sleutelterme binne die gesinsterapeutiese literatuur te verduidelik, asook hoe hierdie terme vertaal kan word binne die gemeenskapswerkkonteks.

### 2.1.1 Gesinsterapie

Volgens Keeney (1983:5) kan gesinsterapie binne die sistemiese konteks beskou word as *"those approaches to human dilemmas that are most directly connected to a formal consideration of human relationship systems."* Gesinsterapie het dus te make met dilemmas wat mense ervaar, wat dan aangespreek word deur te fokus op menslike interaksie en veral verhoudings tussen mense. Die woord "dilemmas" dui ook daarop dat gesinsterapie fokus op sogenaamde probleme wat deur mense ervaar word.

### 2.1.2 Probleemsisteem

Na aanleiding van bogenoemde kan daar gesê word dat dit in sistemiese gesinsterapie gaan rondom die **probleemsisteem** wat deur die terapie aangespreek moet word. Volgens Anderson & Goolishian (1988:379) kombineer 'n sisteem rondom 'n probleem en onderskei 'n probleem die sisteem. Laasgenoemde skrywers meld ook dat die probleemsisteem wat behandel word diegene insluit wat "in taal" (gesprek) verkeer oor dit wat hulle 'n probleem noem: *"Systems do not make problems; languaging about problems makes systems"* (Anderson & Goolishian, 1988:279). In aansluiting hierby meld Keeney en Ross (1992:99) ook dat 'n probleemsisteem 'n sisteem is wat voortdurend poog om 'n oplossing vir 'n bepaalde probleem te vind wat

dan weer 'n nuwe probleem word. Hulle verwys daarna as "problem-solution interaction". Die sisteem is dus voortdurend in interaksie rondom die sogenaamde oplossings vir probleme wat egter slegs nuwe probleme word. 'n Laaste belangrike kenmerk van 'n probleemsisteem volgens Keeney (1983:117) is dat rekursiewe organisasie waarneembaar moet wees binne die sisteem: *"Thus, bits of symptomatic behaviour are seen as embedded in a recursive sequence of behaviour"*. Daar is dus 'n herhaling van simptomatiese gedrag binne die probleemsisteem wat gesien kan word as die herhaalde interaksieprosesse wat pogings is om die probleem op te los. Hierdie interaksieprosesse vind dan ook in taal plaas.

Gesinsterapie se fokuspunt is dus altyd 'n probleemsisteem en daar word gekyk na wyses om hierdie probleemsisteem aan te spreek.

### 2.1.3 Gemeenskapswerk

Wat gemeenskapswerk aanbetref gaan dit nie hier net oor die aanspreek van 'n probleemsisteem nie, maar word daar ook gefokus op die ontwikkeling van die gemeenskap se potensiaal sonder dat daar noodwendig probleme moet bestaan. Om te verstaan waarop daar gefokus word wanneer daar met gemeenskappe gewerk word, sal die terme "gemeenskapswerk" en "gemeenskapsontwikkeling" verduidelik word. Volgens Lombard (1991:75) kan gemeenskapswerk gedefiniëer word as "'n maatskaplikewerkmetode wat volgens 'n wetenskaplike proses daarop gerig is om een of meer van die volgende doelstellings te bereik: (1) om die breë behoeftes van die gemeenskap te bevredig en 'n balans teweeg te bring en te handhaaf tussen die behoeftes en die hulpbronne in die gemeenskap; (2) om 'n gemeenskap in die geleentheid te stel om sy kragte en potensiaal (kennis en vaardighede) te ontgin en te

ontwikkel ten einde in staat te wees om maatskaplike probleme en behoeftes nie net te hanteer nie, maar ook te voorkom; en (3) om veranderinge teweeg te bring in die gemeenskap, in groepverhoudinge, en in die verspreiding van besluitnemingsmag." Dit is duidelik dat gemeenskapswerk op veel meer fokus as net die gemeenskap se probleme. Dit gaan eerder oor die ontginning van die totale gemeenskap se potensiaal ten einde meer sinvol te kan funksioneer.

'n Verdere verduideliking van wat gemeenskapswerk is word ook deur Dunham (1970:4) gegee. Laasgenoemde skrywer sien gemeenskapswerk as 'n bewustelike proses van sosiale interaksie. As 'n metode in maatskaplike werk is dit dan ook gemoeid met taakdoelwitte, prosesdoelwitte en verhoudingsdoelwitte. Dit kan soos volg uiteengesit word:

- **Taakdoelwitte** is gerig op die bereiking van bepaalde konkrete take om bepaalde behoeftes aan te spreek of bepaalde probleme op te los, soos die oprigting van 'n kleuterskool, ontspanningsentrum, tehuis vir bejaardes of dienssentrum vir bejaardes, stig van netwerke, ondersteuningsgroepe, selfhelpgroepe, en ander gemeenskapsgroepsamestellings.
- **Prosesdoelwitte** is die poging om die aard van die sosiale interaksie tussen mense te verander en te ontwikkel sodat hulle selfstandig kan voortgaan en hulle eie probleme in die toekoms kan oplos.
- **Verhoudingsdoelwitte** is gerig op die verandering van bepaalde gestruktureerde verhoudings binne die gemeenskap, soos byvoorbeeld die verspreiding van die neem van verantwoordelikheid. Persone op voetsoolvlak kan dan ook inspraak hê op sake wat op hulle betrekking het.

Die Amerikaanse skrywers verwys ook na gemeenskapswerk as gemeenskapsorganisasie, soos duidelik blyk uit die volgende definisie van Kramer en Specht (1969:14) Gemeenskapsorganisasie is 'n proses waardeur 'n professionele veranderingsagent 'n gemeenskaps-akiesisteem bestaande uit indiwidue, groepe of organisasies help om betrokke te raak by die beplanning van kollektiewe aksie te einde maatskaplike probleme te hanteer binne 'n demokratiese waardesisteem.

Gemeenskapswerk word egter deur Mitchell (1987:109) as 'n meer oorkoepelende term beskou waaronder verskillende intervensies, strategieë of benaderings gebruik word deur die professionele persoon "*to help the community engage in conscious collective action in order to respond to social problems. Irrespective of the approach used it is concerned with bringing about changes in the environment and in social institutions.*" Die benaderings waarna hier verwys word is die maatskaplike-beplanningsbenadering, die maatskaplike-ontwikkelingsbenadering, die maatskaplike-aksiebenadering en die maatskaplike-opvoedingsbenadering.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar nie net een spesifieke definisie vir gemeenskapswerk bestaan nie, en dat selfs die terminologie wat gebruik word om gemeenskapswerk te beskryf van skrywer tot skrywer wissel. Elke skrywer lig die bepaalde deel van gemeenskapswerk waarmee hy gemoeid is, in sy definisie uit.

### 2.1.4 Gemeenskapsontwikkeling

Die terme "gemeenskapswerk" en "gemeenskapsontwikkeling" lê in der waarheid baie na aan mekaar. Daar is egter volgens Lombard (1991:123) 'n verskil tussen die twee

terme omdat gemeenskapsontwikkeling beskou word as "'n proses, 'n metode, 'n program of beweging wat ten doel het om gemeenskappe, met die nodige ondersteuning vanuit die private en owerheidsektor, in die geleentheid te stel en aan te moedig om betrokke te raak by die verbetering en bestuur van hulle eie lewensomstandighede op alle ontwikkelingsterreine". Daar kan dus gesê word dat die maatskaplike werker gemeenskapsontwikkeling kan bewerkstellig deur middel van gemeenskapswerk wat 'n metode eie aan maatskaplike werk is. Gemeenskapsontwikkeling, aan die ander kant, word nie net deur maatskaplike werkers gedoen nie, maar ook deur die regering en enige ander organisasie wat die belange van gemeenskappe op die hart dra.

'n Verdere belangrike aspek van gemeenskapsontwikkeling word deur Swanepoel (1990:2) aangeraak wanneer hy vermeld dat gemeenskapsontwikkling beide konkrete en abstrakte menslike behoeftes vervul. Die skrywer meld ook dat gemeenskapsontwikkeling gesien kan word as 'n leerproses: *"Through every step they take to realize an objective, people learn to do the next step better and to improve on the next project. By gaining in the ability to reach a certain objective, people also gain in self-sufficiency"*.

In aansluiting by bogenoemde omskrywing van gemeenskapsontwikkeling meld Agere (1982:211) ook die volgende aspekte in sy definisie van gemeenskapsontwikkeling: *"Community development is defined as a process by which a community is ASSISTED in identifying its needs and objectives. It helps develop confidence and the will to work at these needs and objectives in finding the resources to deal with these needs and to*

*take action in respect of those needs. In so doing a community develops cooperative, collaborative attitudes and practices."* Hierdie definisie sluit ook nou aan by hierdie navorsing omdat dit die navorser se uitgangspunt is dat die gemeenskap gehelp moet word om self hulle behoeftes te ontdek en daaraan aandag te gee.

Ten slotte kan daar egter verwys word na die opmerking van Harman (1988:27) waarin hy vermeld dat die begrip ontwikkeling seker een van die begrippe is wat die meeste misbruik is: *"We speak of land development, and typically mean stripping the land of vegetation and paving it over with asphalt. We speak of human development, and typically mean destroying traditional community and conditioning people to survive in an urban environment. We speak of economic development, implying that it is equivalent with improvement of well-being, but typically mean increase of economic production and consumption"*

Dit is dus duidelik dat soos in die geval van gemeenskapswerk, daar 'n magdom definisies en omskrywinge is van die term gemeenskapsontwikkeling, en dat die term deur gemeenskapsontwikkelaars gebruik word binne die konteks waarin hulle hul ontwikkelingswerk doen.

Die gevolgtrekking waartoe daar wel gekom kan word is dat gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling nie soos gesinsterapie bloot net gerig is op probleemoplossing nie, maar die gemeenskap in sy totaliteit wil bemagtig en ontwikkeling wil fasiliteer.

### 2.1.5 Terapeut

Volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Odendal; Schoonees; Swanepoel; Du Toit en Booysen, 1984:1141) is terapie 'n "geneeswyse" en 'n terapeut "Iemand wat terapie toepas". Daar kan dus gesê word dat die gesisnterapeut iemand is wat dit doen wat onder punt 2.1.1 van hierdie hoofstuk bespreek is, naamlik gesinsterapie, wat dan ook as 'n geneeswyse van die gesin beskou kan word. Weer eens is die terapeut iemand wat fokus op probleme waarvoor daar "genesing" gevind moet word.

### 2.1.6 Gemeenskapswerker/fasiliteerder

Die ontwikkelingswerk wat tydens gemeenskapsontwikkeling gedoen word, word deur 'n gemeenskapswerker gefasiliteer. Volgens Lombard (1991:183) streef die gemeenskapswerker geleidelik daarna om deur middel van kommunikasie die gemeenskap se aandag te vestig op probleme wat gemeenskaplik blyk te wees. "Hy help gemeenskapslede eerder om na hulleself te kyk en bewus te raak van hulle diepste gevoelens rakende hulle gemeenskapslewe, om dit te verwoord en die hoop te laat ontstaan dat iets gesamentliks daaromtrent gedoen kan word.". Die gemeenskapswerker is dus 'n instaatsteller en of fasiliteerder, 'n *"practitioner who has no programs or prescriptions of his own to implement but is skilled in developing relationships with people and helping them to identify their needs and to develop the capacity to solve their problems"* (Perlman en Gurin, 1972:87).

Die gemeenskapswerker en/of fasiliteerder is dus iemand wat die gemeenskap moet fasiliteer om hulle eie potensiaal te begin benut sodat hulle kan groei, ontwikkel en

self hulle probleme oplos. Die gemeenskapswerker fokus dus nie net op "genesing" van gemeenskapsprobleme nie.

Om bogenoemde redes sal daar vervolgens nie na die terapeut verwys word nie, maar na die gemeenskapswerker as **fasiliteerder** binne die gemeenskapsontwikkelingskonteks.

## 2.2 TAALKONSTRUKTIVISME

### 2.2.1 Oorsprong

Taalkonstruktivisme vorm deel van konstruktivisme wat weer deel uitmaak van die sisteemteorieë. Daar is reeds in hoofstuk een onder 1.2.2 'n breedvoerige verduideliking van konstruktivisme gegee.

Ten eerste is dit dan belangrik om te vermeld dat die behoeftebepalingsproses ook beskou kan word binne die tradisionele mediese model as 'n proses van "diagnose", om te bepaal wat die "probleme" van die gemeenskap is. In hierdie geval is die gemeenskapswerker dan die persoon wat die "diagnose" maak. Vanuit die taalkonstruktivisme word hierdie "diagnose" volgens Anderson, Goolishian & Windermand (1986:9) egter soos volg beskou: *"Rather than making diagnoses of systems we suggest that therapeutic systems (which includes the therapist) diagnose themselves."*

Dit beteken dat die lede van die gemeenskap kommunikeer oor 'n probleem en deur middel van taal definiëer wat die probleem is. Die persone saam met wie die gemeenskapswerker die probleem (behoefte) in taal geskep het is dan ook die persone waarby hy betrokke sal wees om saam met hulle aan die "probleem" te werk (behoefte aan te spreek).

Wanneer daar na die oorsprong van taalkonstruktivisme gekyk word, moet daar dus gekyk word hoe dit gebeur het dat die taalkonstruktiviste wegbeweeg het van die tradisionele mediese model wat diagnoseer, na 'n nonliniêre benadering wat meer op interaksieprosesse en kommuniksie as skepper van die werklikheid ingestel is.

Volgens Anderson en Goolishian (1988:2) is ons tradisionele teoretiese aannames afkomstig vanaf die teorie van Talcott Parsons wie se idees in die vyftigerjare baie prominent geraak het. Volgens eersgenoemde skrywers kan die sosiale sisteem van Parsons vergelyk word met 'n ui. Hierdie "ui"-teorie beskryf die samelewing as 'n sisteem van vlakke, met lae binne konsentriese lae. Die gesin omsirkel die indiwidu, die gemeenskap omsirkel die gesin, ensovoorts. Elke laag van die sosiale struktuur is ondergeskik aan die laag bo hom. Elke laag poog om die laag onder hom te beheer ten einde sy eie homeostasis te behou en sodoende sy sosiale orde instand te hou.

Hierdie homeostatiese beheer lei dan tot die basiese aanname dat daar 'n objektiewe en waarneembaar onafhanklike realiteit is wat impliseer dat 'n sisteem, gemeenskap of indiwidu binne 'n sekere model (die normale) moet funksioneer. As die sisteem dit nie doen nie word hy geëtiketeer as siek of patologies. Die gesinsterapeut of

gemeenskapswerker mag oordele formuleer rakende afwykende gedrag, normaliteit en patologie, op die basis van objektiewe kennis.

Die implikasie hiervan is dat die gesin die indiwidu beskadig, die gemeenskap die gesin, ensovoorts. Daar is dus 'n patroon van oorsaak en gevolg wat in alle probleme gesoek word. Oplossings moet dan vir hierdie probleme gevind word nadat die probleem binne die regte kategorie van klassifikasie geplaas is.

Hierteenoor, meld Anderson, et.al. (1986:2), staan die uitgangspunte van die Duitse sosiale teoretikus Niklas Luhmann. Hy sien sosiale gedrag as die krag wat binne taal die verhoudingsnetwerke wat 'n sisteem vorm, konstrueer. Die sogenaamde "regularities" wat waargeneem kan word binne sosiale sisteme word nie deur Luhman beskou as die homeostasis waarvan Parsons praat nie. Dit gaan vir hom eerder oor die konstruksie van sosiale sisteme deur aksie wat gesamentlik geneem word. Essensiëel is sosiale sisteme wat slegs bestaan binne betekenisvolle linguistiese interaksie. Volgens die Parsoniese teorie (tradisionele teorie) word die klem geplaas op hiërargie, mag en beheer. Volgens Luhmann moet daar gefokus word op gesamentlike aksie en gesprek.

In aansluiting by die voorafgaande meld Grossman Dean (1993:128), ook dat konstruktivisme per sè, 'n filosofiese uitgangspunt is wat verkry is van die filosoof Kant, wat kennis of beelde wat 'n mens van iets in jou kop het, beskou as die skeppings van die waarnemer in interaksie met die omgewing.

Hierdie uitgangspunt is in teenstelling met die uitgangspunte van die filosoof Locke, wat 'n objektivistiese model van kennis voorstaan. Hiervolgens is die wêreld saamgestel uit stabiele strukture met spesifieke dele wat onafhanklik bestaan van die waarnemer, en wat onties kenbaar is. Die konstruktiviste glo egter dat ons struktuur ons waarnemings en optredes bepaal. Alle kommunikasie is indirek; en uit en deur middel van taal kan daar dus baie waardevolle konstruksies gevorm word.

Taalkonstruktivisme beweeg dus weg vanaf liniêre oorsaak - en gevolgbeskrywings van die wêreld; en glo dat woorde beide ons ervaringe in die wêreld beskryf en vorm (Grossman Dean, 1993:129). Die taalkonstruktivis gebruik meer naturalistiese bekrywings van die werklikheid.

Daar kan gesê word dat terapie (in die gesinsterapeutiese konteks) of bemagtiging binne gemeenskappe begin met 'n ontmoeting tussen indiwidue wat 'n rede probeer artikuleer vir hulle ontmoeting. Beide die gemeenskap en die gemeenskapswerker poog dus om te verstaan, en soek voortdurend na nuwe begrip rondom "probleme" of behoeftes, wat plaasvind binne die domein van taal. Vervolgens sal daar dan na die beginsels van taalkonstruktivisme gekyk word ten einde die "gespreksproses" en die waarde wat dit vir gemeenskapswerk het beter te kan verstaan.

### 2.2.2 Beginsels

Volgens Anderson en Goolishian (1988:372) is daar bepaalde beginsels wat die basis van taalkonstruktivisme aandui.

Alvorens hierdie beginsels vir gemeenskapswerk vertaal kan word, is dit nodig om dit eers te verduidelik soos wat Anderson en Goolishian dit vir gesinsterapie uiteengesit het. Daar sal dus vervolgens telkens onder die opskrif "taalkonstruktivisme" 'n beskrywing van die beginsels binne die gesinsterapeutiese konteks gegee word, waarna daar gekyk sal word na moontlike verskille en ooreenkomste tussen die taalkonstruktivisme en gemeenskapswerk. Daar sal telkens gepoog word om die beginsels te vergelyk met wat in die gemeenskapswerkliteratuur oor dieselfde aspekte geskryf word, onder die opskrif "gemeenskapswerk".

**Beginsel (i) Taalkonstruktivisme (Vgl. Anderson en Goolishian, 1988:372)**

- Menslike sisteme is taalgenererende en tegelyktydig ook betekenisgenererende sisteme. Kommunikasie en spraak definiëer sosiale organisasie. Dit beteken 'n sosiokulturele sisteem is die produk van sosiale kommunikasie, eerder as wat kommunikasie die produk is van organisasie. Elke menslike sisteem, en ook die terapeutiese sisteem, is dus 'n linguistiese of kommunikatiewe sisteem.

* **Gemeenskapswerk**

  Henderson en Thomas (1990:94) meld dat die werker tydens behoeftebepaling moet let op hoe die gemeenskap die probleem beskryf. Volgens hulle moet daar gelet word op die taal wat mense gebruik omdat dit hulle beskouing van die probleem en die intensiteit daarvan aandui - asook hoe hulle oor die

probleem voel. Hiervolgens lê betekenis tog ook tot 'n mate opgesluit in die taal wat mense gebruik.

**Beginsel (ii) Taalkonstruktivisme**

- Betekenis en begrip word sosiaal en intersubjektiewelik gekonstrueer. Intersubjektief verwys na 'n *"evolving state of affairs in which two or more people agree (understand) that they are experiencing the same event in the same way"* (Anderson & Goolishian, 1988:372). Betekenis en begrip sluit hierdie intersubjektiewe ervaring in. Ooreenkoms is egter breekbaar en is voortdurend oop vir onderhandeling en dispuut. Ons het nie betekenis en begrip totdat ons kommunikatiewe aksie neem nie. Dit is om deel te neem aan 'n betekenisgenererende gesprek/dialoog binne 'n sisteem vir wie die kommunikasie relevansie het.

* **Gemeenskapswerk**

  Die werker moet poog om die idees, konsepte, ensomeer wat die probleme van die gemeenskap beskryf te verstaan. Hy kom in kontak met die gemeenskap en definiëer saam met hulle die probleme sodat daar begrip by hom en die gemeenskap kan ontwikkel rondom wat hulle as 'n groot genoeg probleem beskou om aan te werk (Henderson en Thomas, 1990:95).

**Beginsel (iii) Taalkonstruktivisme**

- Enige sisteem in terapie is een wat gekombineer het rondom die een of ander "probleem" - die relevantheid - en sal besig wees om taal en betekenis te skep eie aan homself of kenmerkend van homself, eie aan sy organisasie en eie aan

sy "oplossing" rondom die "probleem".

Die terapiesisteem is dus 'n sisteem wat onderskeibaar of herkenbaar is deur die "probleem", eerder as deur 'n sosiale struktuur wat die "probleem" onderskei. Die terapeutiese sisteem is 'n probleemskeppende - probleemoplossende sisteem.

* **Gemeenskapswerk**

  Volgens Swanepoel (1990:30) is dit uiters belangrik dat die werker nie self sal besluit en vir mense sê wat hulle probleme en behoeftes is nie, maar dat hy eerder vir hulle die geleentheid sal skep om self te besluit wat hulle behoeftes is. Na aanleiding van dit wat die gemeenskap as 'n probleem(e) geïdentifiseer het, en wie daarby betrokke is, sal die werker dan ook weet wie die probleemgedetermineerde sisteem vorm, en hoe hulle die probleem kommunikeer.

**Beginsel (iv) Taalkonstruktivisme**

- Terapie is 'n linguistiese gebeurtenis wat plaasvind binne 'n terapeutiese gesprek.

Die terapeutiese gesprek is 'n wedersydse soektog en eksplorasie deur dialoog, 'n tweerigting uitruiling, 'n "crisscrossing" van idees waarin nuwe betekenisse voortdurend geskep word opweg na die "oplossing" van probleme; en dus ook die "oplossing" van die probleemskeppende-probleemoplossende sisteem. Verandering is die skepping van nuwe betekenis deur middel van dialoog.

* **Gemeenskapswerk**

Vir behoeftebepaling beteken dit dat behoeftes geïdentifiseer word, en dan deur middel van gesprek verfyn word tot werkbare entiteite. Oplossing van probleme kan dan ook geskied binne groepgesprekke, en selfs gesprekke met groter groepe mense in die gemeenskap. Bogenoemde proses vind volgens Swanepoel (1990:31) beslis ook tydens behoeftebepaling plaas. Ten eerste moet daar in gesprek getree word met die gemeenskap, en ook die gemeenskapslede met mekaar, ten einde konsensus te verkry met betrekking tot 'n bepaalde behoefte. Ten tweede moet almal wat oor die behoefte in kommunikasie is saam besluit presies welke behoeftes hoe aangespreek gaan word. Omdat daar in gemeenskapswerk veral ook gefokus word op die groei en ontwikkeling van die mense in die gemeenskap, gee hierdie gesprekke oor probleme en behoeftes, en die klarifisering daarvan, vir die mense 'n geleentheid om onderhandelings -en kommunikasievaardighede ook aan te leer wat bydra tot die ontwikkeling van selfvertroue.

**Beginsel (v) Taalkonstruktivisme**

- Die rol van die terapeut is die van 'n meestergesprekskunstenaar -; 'n argitek van dialoog, wie se vaardighede lê in die skepping van 'n ruimte vir en die fasilitering van 'n dialogiese gesprek.

* **Gemeenskapswerk**

Die gemeenskapswerker is dus 'n deelnemende bestuurder van die gesprekke waarin hy met die gemeenskap verkeer. Dit is die gemeenskapswerker se verantwoordelikheid om deel te neem aan die sisteem se proses van taal -en

betekenisskepping. Hy moet ook die dialoog stuur in die rigting van probleemoplossing en oplossing van die probleemgedetermineerde sisteem self. In die gemeenskapswerkliteratuur (Henderson en Thomas, 1990:110) word daar ook melding gemaak van die non-direktiewe benadering wat die werker veral gebruik om behoeftes saam met die gemeenskap te prioritiseer voor beplanning. Hierdie benadering fokus veral op vraagstelling as tegniek, en probeer ook dialoog bewerkstellig tussen die werker en die gemeenskap. Met die dialoog word gepoog om die gemeenskap stadig bewus te maak van hulle eie denke oor hulle probleem en hulle deur gesprek by die oplossing, (tydens behoeftebepaling die klarifisering), daarvan uit te bring.

Na aanleiding van die voorafgaande is dit duidelik dat die beginsels van die taalkonstruktivisme tog ook weerspieël word in die gemeenskapswerkliteratuur. Daar is dus reeds vanuit die literatuur aangedui dat daar 'n mate van versoenbaarheid is tussen die modernistiese paradigma van die taalkonstruktivisme en die tradisionele benadering van die gemeenskapswerkmodelle.

Die taalkonstruktivistiese werkswyses moet egter nog in meer detail vir gemeenskapswerk vertaal word. Dit is dan ook deel van die einddoel van hierdie navorsing. In die volgende gedeelte sal daar 'n volgende stap in hierdie "vertalingsproses" geneem word, deurdat daar kortliks gekyk sal word na die rol wat die terapeut inneem binne die taalkonstruktivistiese konteks; en hoe dit dan vir die gemeenskapswerker as fasiliteerder geïnterpreteer kan word. Die navorser sal dus weer eens poog om telkens die implikasies van hierdie teoretiese uitgangspunte vir

gemeenskapswerk aan te dui.

### 2.2.3 Die rol van die gemeenskapswerker as fasiliteerder binne 'n taalkonstruktivistiese paradigma.

Ten eerste is dit belangrik om te vermeld dat die taalkonstruktivisme hoofsaaklik deur gesinsterapeute gebruik word en dus ook vir daardie doel geskryf word. Al die inligting in die bronne wat die navorser dus gebruik moet geïnterpreteer word vir die gemeenskapswerkkonteks. Dit word dan ook reeds gedoen met die skryf van hierdie hoofstuk.

'n Kernaspek van die taalkonstruktivistiese benadering is dat daar met die kliënt, of dan gemeenskap, se verhaal, storie of vertelling van hoe hy/hulle die werklikheid sien, gewerk word. Grossman Dean (1993:134) stel dit soos volg: *"Clients come to therapy to get help with problems. In the process of seeking help they tell their stories."* Ook Egan (1986:121) vermeld dat die fase waartydens die kliënt sy storie vertel baie belangrik is omdat dit getuig van probleme wat hulle ervaar en selfs onbenutte geleenthede. Laasgenoemde is dikwels die geval in gemeenskapswerk, wanneer die gemeenskap se verhaal duidelik uitwys dat daar baie groeipotensiaal en dus ook onbenutte geleenthede in die gemeenskap is. Soos wat die gemeenskapswerker dus toetree tot die gemeenskap, soek hulle ook hulp deur aan hom hulle "stories" te vertel.

In die literatuur word ook na hierdie stories verwys as die kliënt se "narratief", en

selfs na "narratiewe terapie" (Botha, 1993:5). Vir die doeleindes van hierdie navorsing sal die navorser verwys na die gemeenskap se "narratief", wat dan die gemeenskap se weergawe of vertelling van hulle persepsies impliseer.

Alvorens daar puntsgewys na die rol van die werker gekyk gaan word, sal die gebruik van die narratief deur die gemeenskapswerker tydens die behoeftebepalingsproses, na aanleiding van 'n uiteensetting daaroor deur Grossman Dean (1993:134-135), ter inleiding eers bepreek word.

Volgens laasgenoemde skrywer het die gebruik van die gemeenskap se narratief die volgende betekenisse. Wat 'n gemeenskap se geskiedenis aanbetref, beteken dit dat die gemeenskap vir ons 'n konstruksie of herinterpretasie en herformulering van herinneringe en gebeure vertel, eerder as 'n historiese waarheid. Narratiewe oor dieselfde verhale verander oor tyd, en word beïnvloed deur die konteks waarin dit vertel word. Waar die gemeenskapswerker met die gemeenskap in gesprek tree, sal die wyse waarop 'n narratief ontwikkel beïnvloed word deur die werker se deelname, hoe minimaal of subtiel dit ookal mag wees.

Dit gebeur ook dat die gemeenskap 'n gevoel van wie hulle is, of dan 'n gevoel vir hulle "self" ontwikkel deur middel van die skepping van narratiewe. Deurdat die werker die gemeenskap dus 'n geleentheid bied om hulle eie verhaal te skep oor wie hulle is en wat hulle geskiedenis is, geskied daar reeds 'n ontwikkelingsproses by die gemeenskap. Dit is egter nie net dat die gemeenskap narratiewe weef rondom bepaalde "feite" of "gebeure" nie, maar ook dat die narratiewe wat hulle vertel in

bepaalde kontekste, bepaal wat die "feite" sal wees. Sogenaamde feite word dus voortdurend deur die gemeenskap geskep, terwyl hulle in kommunikasie met die werker verkeer.

Grossman Dean (1993:135) meld verder ook dat een van die grootste uitdagings in die proses om kliënte, of dan gemeenskappe, te leer ken, is om 'n balans te vind tussen ons vrae, pogings tot klarifisering, en "history taking" en die gemeenskap se pogings om aan ons te vertel wat hulle as belangrik beskou. Ons moet dus poog om die gemeenskap toe te laat om hul verhaal te vertel soos wat hulle graag wil, ten einde al die inligting te verkry. Ons vrae moet so wees dat dit nie slegs gefragmenteerde brokkies inligting van die gemeenskap verkry nie, maar moet hulle eerder ruimte bied om hulle "stories" bloot te lê.

Dit is dus duidelik dat die gemeenskapswerker tydens die proses van behoeftebepaling, waar hy die gemeenskap se verhale probeer verkry, attent moet wees op die totale gesprekskonteks waarin die gemeenskap met hom praat. Volgens Anderson en Goolishian (1988:382) is daar bepaalde elemente in die terapeutiese gesprek waarop die terapeut moet let. Hierdie elemente kan soos volg vir die gemeenskapswerker as fasiliteerder geïnterpreteer kan word.

- Die gemeenskapswerker hou sy vraagstelling binne die parameters van die probleem soos wat dit deur die gemeenskap beskryf word. Hy hou by die bekende wat die gemeenskap bring; want deur dit te doen skep hy vir hulle geleentheid om te begin praat oor nuwe perspektiewe op dieselfde probleme.

Hy sluit dus aan by hulle stabiliteitsboodskap ten einde hulle uiteindelik na verandering te kan lei.

- Die gemeenskapswerker werk tegelyktydig met veelvuldige en teenstrydige idees. Vir hom is daar nie 'n reg of verkeerd in dit wat die gemeenskap sê nie, hulle soek eerder saam na nuwe idees.

- Die werker kies en gebruik eerder taal wat lei tot samewerking, as taal wat die kanale vir verdere ondersoek blokeer. Die werker neem alles ernstig op wat vir hom gesê word, en veroordeel dit nie.

- Die werker leer, verstaan en voer gesprekke in die "taal" van die gemeenskap. Dit word gedoen omdat die taal van die gemeenskap die metafoor is vir hulle ervaringe. Op hierdie wyse verstaan die werker die gemeenskap en hulle idees beter.

- Die gemeenskapswerker is 'n goeie luisteraar wat nooit te vinnig verstaan nie - indien ooit. Hoe vinniger die werker die gemeenskap verstaan, hoe minder geleentheid is daar vir dialoog, en hoe meer geleentheid is daar om hulle verkeerd of glad nie te verstaan nie.

- Die werker vra vrae waarvan die antwoorde weer nuwe vrae vereis. Hy soek 'n nuwe eenheid, en moet derhalwe alles ernstig opneem, 'n goeie geheue hê en 'n weg kan vind om klein deeltjies gesprek op te tel in latere gesprekke met

die gemeenskap. In ons vrae weerspieël ons in der waarheid die "skill of worldmaking".

- Die gemeenskapswerker neem die verantwoordelikheid vir die skepping van 'n gesprekskonteks wat ruimte skep vir wedersydse samewerking in die probleemdefiniëring - of behoeftebepalingsproses. Dit berus dus by die werker om die gemeenskap aktief te betrek by 'n proses waar hulle deel is van hulle eie realiteitskepping.

- Die werker moet ook 'n dialogiese gesprek met homself aan die gang hou. Hy moet altyd sorg dat hy 'n veelvuldige perspektief het op wat in sy gesprekke met die gemeenskap gebeur - selfs al moet hy homself gebruik om hierdie veelvuldige visie te kan verkry. Alle perspektiewe en idees van die werker is tentatief. Hy kan sy eie, nuwe en ander idees gebruik om gesprek mee te inisiëer.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die werker se gesprekke met die gemeenskap oop gesprekke moet wees, waar die fokus in die rigting van die skepping en ontwikkeling van nuwe begrip vir probleme en behoeftes geplaas moet word. Die gemeenskap se probleme en behoeftes ontwikkel deur gesprek nuwe betekenis, interpretasie en begrip. Daar word geen "oplossings" vir probleme gevind nie, maar die probleem en probleemsisteem los homself op deur middel van gesprek. In dit alles is die gemeenskapswerker egter 'n sleutelfiguur met 'n diepe begrip vir die waarde van taal en gesprek tydens die behoeftebepalingsproses.

## 2.3 DIE BEHOEFTEBEPALINGSPROSES IN GEMEENSKAPSWERK/ ONTWIKKELING EN KOMMUNIKASIE

In die vorige gedeelte is daar in detail gefokus op taalkonstruktivisme as 'n teoretiese benadering, en die waarde van die kommunikasieproses in hierdie benadering. Daar is gepoog om aan te dui hoedat kommunikasie en taalkonstruksies, soos in 'n terapeutiese situasie, ook moontlik in gemeenskapswerk benut kan word om die behoeftebepalingsproses te fasiliteer.

Dit is egter ook nodig om in die bestaande gemeenskapswerkliteratuur te gaan kyk wat oor kommunikasie en gemeenskapswerk geskryf word. Dit moet gedoen word sodat daar 'n verband gevind kan word (indien daar een is) tussen die uitgangspunte van die taalkonstruktivisme en die van gemeenskapswerk.

Soos aangedui sal word, het die navorser egter geen direkte verwysings in die literatuur gevind na die spesifieke gebruik van taal en kommunikasie, soos gesien deur die taalkonstruktivisme, tydens die behoeftebepalingsproses nie. Daar is wel literatuur gevind wat die belangrikheid van kommunikasie in die gemeenskapsontwikkelingsproses as geheel beskryf.

In die volgende gedeelte sal daar dus aangedui word van welke belang die gemeenskapswerkliteratuur kommunikasie in die hele gemeenskapswerkproses beskou. In die daaropvolgende bespreking sal daar gelet word op bepaalde metodes van kommunikasie in gemeenskapswerk wat ook vir die behoeftebepalingsproses van

waarde kan wees.

### 2.3.1 Die belangrikheid van kommunikasie tydens die behoeftebepalingsproses

Die belangrikheid van kommunikasie vir gemeenskapswerk word duidelik deur Freire (1973:97) aangedui wat die hele gemeenskapsontwikkelingsproses as kommunikasie (a dialogical process) beskou. Hierdie kommunikasieproses is daarop gerig om mense tot 'n ontdekking van hulle eie selfwaarde te laat kom, en dus intrinsieke groei te inisiëer.

Carmen (1988:267) verwys ook na Fuglesang wat van mening is dat Westerse kommunikasie liniêr en *"top-down"* is. Dit moet eerder gaan oor dialoog en begrip, omdat kommunikasie ten eerste 'n "brugbou-oefening" is. Die fondasie daarvan is om mense se vermoë om self dinge te kan hanteer, te vertrou. Laasgenoemde sin sluit dan nou aan by die konstruktivistiese beskouing van dialoog en gesprek as sentrale temas in die terapeutiese -of ontwikkelingsproses.

In gemeenskapswerk word daar veral baie klem geplaas op betrokkenheid van die gemeenskap by die ontwikkelingsproses. In hierdie opsig verwys Carmen (1988:269) na Kronenburg wat van mening is dat saam met die inisiëring van deelname deur die gemeenskap, ook *"knowledge empowerment"* plaasvind.

Hierdie *"knowledge empowerment"* is gebaseer op die aanname dat geen mens alles

of niks weet nie, en dat alle mense die intrinsieke vermoë het om kennis te skep deur middel van dialoog. *"With the newly acquired knowledge, which has been* ***autogenerated****, the participants can influence the course of events to liberate themselves from oppressive situations and determine their own destiny"* (Kronenburg, soos aangehaal deur Carmen, 1988:269). Hierdie aanhaling sluit dan direk aan by die taalkonstruktivistiese beginsel dat mense hulle eie realiteit skep en daarvolgens handel.

Vanuit dit wat Carmen (1988) geskryf het, is dit duidelik dat daar in die geledere van gemeenskapswerkers gewis 'n diepe bewustheid is van die waarde van kreatiewe kommunikasie in gemeenskapswerk. Dit beteken ook dat hulle die waarde van dialogiese skeppende kommunikasie tydens behoeftebepaling onderskryf.

In aansluiting by die voorafgaande, noem Altafin (1991:312) ook dat daar 'n nuwe benadering tot kommunikasie in gemeenskapswerk is wat gebaseer is op mense se kreatiewe potensiaal. Dit is dan hierdie potensiaal wat kommunikasieprosesse skep ooreenkomstig elke spesifieke situasie. Die skrywer meld ook dat deelnemende kommunikasie in gemeenskapsontwikkeling 'n basiese mensereg, en 'n poging is, om hierdie reg tot kommunikasie vir arm onderontwikkelde mense te waarborg.

Alhoewel Altafin (1991:313) se artikel spesifiek handel oor kommunikasie tydens evaluasie in gemeenskapswerk, kan die volgende uitgangspunte wat in die artikel gemeld word, ook van belang wees vir kommunikasie tydens behoeftebepaling. Ten eerste meld die skrywer dat die selfuitdrukking van arm mense, wat 'n refleksie op die realiteit is en hulle interpretasie daarvan, 'n sleutelelement is in gemeenskapswerk.

Dit is deur middel van selfuitdrukking wat mense se idees navore kan kom. Mense se konstruksie van hulle werklikheid word dus hier van belang beskou.

Altafin (1991:313) beskou kommunikasie dan ook as 'n sosiale spieël, en druk dit soos volg uit: *"It is important to stress that, functioning as a social mirror, the focus of communication is on people's life. The elements of this problematizing type of communication are formed by the people's reality itself and are not stipulated from outside"*. Kommunikasie tydens behoeftebepaling moet dan ook beskou word as 'n spieëlbeeld van mense se lewe. Om hierdie rede moet dit as ernstig en van bepaalde waarde beskou word.

Helaas meld Altafin (1991:313) dat deelnemende kommunikasie 'n rol te speel het in evaluasie; as dit kan bydra tot die proses van gemeenskapsontwikkeling, gebaseer op mense se aksie. Die probleem is egter dat die waarde en potensiaal van deelnemende kommunikasie in gemeenskapsontwikkeling beperk is, omdat daar so min inligting daaroor beskikbaar is. Dit is om hierdie rede dat die navorser dan ook die navorsing met betrekking tot kommunikasie, behoeftebepaling en gemeenskapswerk onderneem het.

Wat behoeftebepaling as proses aanbetref, meld Nturibi (1982:108) dat dit ten eerste 'n deelnemende proses moet wees. Kommunikasie is hier egter van groot belang, en dialoog moet deur die gemeenskapswerkers gefasiliteer word. Hy meld ook dat wanneer gemeenskapslede betrokke is by 'n dialogiese analise van hulle psigososiale realiteit, hulle daartoe verbind sal wees om te werk aan geïdentifiseerde probleme.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat daar weinig twyfel bestaan oor die belangrikheid van kommunikasie tydens gemeenskapsontwikkeling, en veral ook behoeftebepaling. Daar was ook bepaalde ooreenkomste te bespeur tussen die literatuur rakende taalkonstruktivisme en die gemeenskapswerkliteratuur oor kommunikasie. Veral die meer resente literatuur dui 'n groterwordende soeke na metodes en tegnieke aan om kommunikasie met gemeenskappe optimaal uit te bou. Taalkonstruktivisme kan moontlik 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling van beter kommunikasiemetodes met gemeenskappe.

In die volgende gedeelte sal daar dan gekyk word na metodes van kommunikasie in gemeenskapsontwikkeling, wat ook tydens die behoeftebepalingsproses aangewend kan word.

### 2.3.2 Metodes van kommunikasie tydens die behoeftebepalingsproses

In die literatuur het die navorser 'n wye verskeidenheid kommunikasiemetodes gevind wat ook op die behoeftebepalingsproses van toepassing gemaak kan word. Aangesien hierdie 'n verhandeling van beperkte omvang is, kan daar egter net oorsigtelik na van hierdie metodes gekyk word. Die navorser sal dus nie spesifieke detail aandui van 'n metode nie, maar eerder poog om 'n beeld weer te gee van 'n aantal metodes wat waardevol blyk te wees.

In die behoeftebepalingsproses per sè is daar 'n bekende aantal metodes van

behoeftebepaling, soos byvoorbeeld vraelyste, die bestudering van verslae en waarneming. Hierdie metodes is egter nie noodwendig metodes wat dialogiese kommunikasie met die gemeenskap behels nie. Daar is selfs kleingroepmetodes soos byvoorbeeld die Delphitegniek en die Nominale groeptegniek. Beide hierdie tegnieke werk egter net met geselekteerde groepe mense; soos wat Delaney en Nuttall (1978:39) dit stel: "This group of people should be knowledgeable, and somewhat various". Daar word dus net met sekere mense gekommunikeer, en nie met die minder prominente groepe in die gemeenskap nie.

In teenstelling met hierdie metodes, beskryf Hope en Timmel (1984:35-48) die behoeftebepalingsproses as 'n *"survey for generative themes"*; waar luister en gesprekvoering met alle lede van die gemeenskap die sentrale fokuspunte vorm. Hierdie *"generative themes"* is 'n konsep wat ontwikkel is deur Freire (1994:77) wat van mening is dat *"generative themes"* geïdentifiseer kan word wanneer daar gekyk word na die mens se taaldenke wat hy gebruik om die realiteit te beskryf en hoe hy met ander woorde die wêreld sien. In die gemeenskap begin hierdie proses waar die gemeenskap se *"generative themes"* geïdentifiseer word waar die gemeenskapswerker informeel tot kommunikasie met die gemeenskap toetree, deurdat hy tussen mense rondbeweeg en veral luister wat mense sê oor die volgende aspekte: (Hope en Timmel, 1984:35-48) waaroor is mense bekommerd, bly, hartseer, kwaad, bang en vol hoop. Sy gesprekke met die gemeenskap is dus informeel en gemik daarop om te bepaal wat vir hulle kritiese aspekte is. Hierdie vorm van behoeftebepaling kan ook deur 'n span werkers uitgevoer word.

Daar word na die gemeenskap geluister op plekke soos die mark, busse en treine, wasplekke, haarkappers, huise, voor vergaderings, en by soveel moontlik ander plekke in die gemeenskap waar mense daagliks met mekaar in interaksie verkeer. Na hierdie proses van luister vir die meer prominente temas in die gemeenskap, poog die werker of span werkers, om te bepaal watter tema vir die gemeenskap van die grootste belang is. Hierdie tema, of persepsie van die werker(s), word dan aan die gemeenskap teruggekaats deur middel van byvoorbeeld prente - Freire (1994:68) verwys hierna as 'n proses van *"reflection and action"*. Daar word dan groepbesprekings met die gemeenskap rondom hierdie prente gehou, en saam met hulle word hul behoeftes verfyn tot werkbare entiteite.

Hope en Timmel (1984:58-63) meld ook verdere metodes om die gemeenskap selfs tot dieper vlakke van bespreking te lei. Volgens hulle is dit 'n sirkulêre proses waar daar geluister word na die gemeenskap, terugvoer gegee word, gekyk word na probleme, beplan word, en geëvalueer word. Nuwe inligting wat dan verkry word, word weer eens deur die proses geneem. Die skrywers meld ook dat foto's, tekeninge en klein dinkskrums gebruik kan word om gesprekke met die gemeenskap te fasiliteer.

Die tipe kommunikasie wat deur Hope en Timmel (1984) tydens die behoeftebepalingsproses beskryf word, is gewis baie kreatief en sluit nou aan by die konstruktivistiese idees van realiteitskepping saam met die gemeenskap - in taal.

Die tegnieke wat gebruik word tydens groepwerksessies, kan volgens Legge (1966:29) ook met groot sukses gebruik word om gesprek in gemeenskapswerk te fasiliteer.

Volgens hierdie skrywer verwys "bespreking" na 'n proses waartydens mense saam praat op 'n konstruktiewe wyse; terwyl hulle hul idees, kennis en opinies op so 'n wyse saamgooi, dat hulle van mekaar iets leer -; dus die skepping van 'n nuwe realiteit.

Legge (1966:29-34) verduidelik in sy artikel in detail hoe om groepbesprekings te fasiliteer. Onder meer die volgende punte word aangeraak. Die gemeenskapswerker vertolk 'n primêre rol as fasiliteerder wat met verskillende idees tegelyktydig werk. Die werker moet ook die regte atmosfeer skep vir gesprek, hy moet sorg dat mense gemaklik sit, sodat hulle sonder moeite met mekaar kan kommunikeer. Hy moet ook daarop let dat wanneer daar 'n groepbespreking is, daar nie meer as twintig mense teenwoordig moet wees op 'n keer nie. Hy moet die gesprek kan stimuleer en sorg dat dit nie rigied raak nie.

Een van die belangrikste aspekte is dat die werker, ten einde begrip by mense vir hulle situasie te kweek, en ook belangstelling en aktiewe optrede te bewerkstellig, die groep moet wegstuur met 'n gevoel dat hulle mekaar gehelp het deurdat hulle hul idees, inligting, ervaringe, hoop en vrese uitgetoets het -; maar dat die onderwerp nog lank nie uitgeput is nie. Die proses moet vir elkeen in die groep van waarde wees - hulle moet ervaar dat hulle 'n nuwe "wêreld" skep.

In wese gaan Legge (1966:34) se metode van groepbespreking dan oor die volgende. Ten eerste is hierdie groepbesprekings 'n kuns wat die werker moet bemeester. Die werker moet poog om 'n situasie te skep waarin mense saam kan praat op 'n wyse dat

hulle van mekaar kan leer. Deel van die metode is dat daar nie net een wyse is waarop die werker besprekings kan lei nie, maar dat hy juis nuwe maniere sal skep om dit so effektief moontlik te kan doen. Sommige groepe vind volgens die skrywer dit stimulerend om eers 'n periode van vraagstelling met antwoorde te hê, voordat die bespreking voortgesit word. Ander hou weer van openingsdebatte of paneelbesprekings. Sommige groepe maak selfs van 'n kort toneelstuk of rollespel gebruik om gesprek te aktiveer. Die gebruik van dramas in gemeenskapswerk om gesprek te inisiëer word oral en gedetaileerd in die literatuur beskryf, en blyk 'n effektiewe metode te wees.

Met groot groepe meld die skrywer ook dat dit help om eers die groep in kleiner groepies op te deel, waar hulle oor die onderwerp ter sake praat, en daarna rapporteer almal dan terug aan mekaar in die groot groep.

Dit is duidelik dat daar wel bepaalde kommunikasiemetodes bestaan om gesprek effektief tydens die behoeftebepalingsproses te benut. Die gemeenskapswerker moet dit dan kan interpreteer binne die konstruktivistiese beginsels, sodat hy daarmee kan werk na die oplossing van die probleemsisteem.

Die skrywer, Boeren (1992:259-271), meld voorts in sy artikel oor kommunikasie en betrokkenheid in gemeenskapsontwikkeling, dat kommunikasie met gemeenskappe moet verskuif van die gebruik van die breë media (soos byvoorbeeld televisie, radio, vraelysekspidisies, ensomeer), na werk met die etniese taaluitdrukkings en dialoog van die gemeenskap self. Boeren (1992:260) is van mening dat die kommunikasieproses

ten eerste moet bou op die vaardighede waaroor die gemeenskapslede al reeds beskik.

Indien daar dan van dramas gebruik gemaak word, moet die gemeenskapswerkers eers vir lang periodes tussen die gemeenskapslede gaan woon; met hulle informele gesprekke voer, en sodoende relevante data versamel om aan hulle terug te kaats tydens die toneelopvoerings. Dramas is egter slegs 'n kommunikasiemetode, soos Boeren (1992:262) dit stel: *"Theatre itself cannot solve problems, it can only illustrate and expose them. It is up to the people in the audience to take up the challenge and use their* ***indigenous ways of communication*** *and decision-making to shape their own development".*

Benewens die toneeltjies meld Boeren (1992:263) ook dat ten einde kommunikasiemedia te vind wat aansluit by die gemeenskap se eie taal en denke, dit soms nodig is om werkswinkels te hou waar mense betrokke raak by kreatiewe skryfsessies, tekensessies, grafiese -en oudiovisuele materiaal, ensomeer. Die hoofdoel van hierdie werkswinkels is om 'n proses te inisiëer van deelnemende verkenning of eksplorering van hulle eie realiteit. Die gemeenskap word nie net betrek by die skepping van hulle eie realiteit nie, maar ook by die analise of interpretasie daarvan. Die proses geskied dan ook in taalkonstruksies.

Na aanleiding van die voorafgaande is dit duidelik dat daar reeds binne die geemeenskapswerkpraktyk -en literauur voldoende metodiek bestaan wat die werker kan aanwend tydens die behoeftebepalingsproses om in taal saam met die gemeenskap nuwe realiteite te konstrueer.

'n Baie belangrike uitgangspunt van die breër sisteemteoretici, waarna ten slotte verwys kan word, is dat metodes om verandering of groei binne 'n bepaalde sisteem te inisiëer, nie noodwendig altyd neergelê kan word nie. Dit gaan eerder oor 'n proses van "reframing" (Watzlawick, Weakland & Fisch, 1974:104) wat sy eie metodes van groei genereer. "Reframing" verwys na 'n proses waar die werker deur middel van gesprek die gemeenskap daartoe lei om bepaalde idees binne 'n nuwe konteks te plaas, wat dan 'n ander betekenis aan daardie idees gee.

Om hierdie "reframing" te kan doen, meld Watzlawick, et.al. (1974:104) dat die terapeut, of dan gemeenskapswerker, die gemeenskap se "taal" moet praat, ten einde hulle te lei tot ontdekking van nuwe betekenisse. "Reframing" mag dalk gebruik maak van prente of toneeltjies, en dies meer, om gesprek te aktiveer. Hoe dit ookal sy, hierdie uitgangspunt beklemtoon dat metodiek nie vasgestel word nie, maar dat dit in die situasie deur die gesprekvoerendes gegenereer word.

Laasgenoemde beginsel van die "reframing"-proses is dan die wyse waarop die navorser van mening is die verskillende metodes van kommunikasie tydens die behoeftebepalingsproses aangewend moet word. Die gemeenskapswerker moet dus, volgens die navorser, wag totdat hy eers die gemeenskap leer ken het, en in gesprek met hulle begin tree het, voordat hy besluit op metodes van kommunikasie om behoeftes te kan bepaal.

Elke gemeenskap en ook hulle "taal" en denke is verskillend. Daar kan dus nie van 'n voorafopgestelde metodiek gewerk word nie. Die navorser staan gevolglik die

taalkonstruktivistiese denkwyse as benaderingswyse voor. Die metodes wat die werker egter tydens die behoeftebepalingsproses gebruik het, is deur die gemeenskap en werker self gegenereer, ooreenkomstig hulle unieke situasie.

## 2.4 SAMEVATTING

Met hierdie literatuurstudie het die navorser gepoog om aan te dui wat die beginsels en uitgangspunte van die taalkonstruktivisme is, en welke aspekte in die gemeenskapswerkliteratuur daarby aansluit.

Dit was duidelik dat daar beslis ooreenkomste is tussen die gekose teoretiese paradigma, en metodes en uitgangspunte in gemeenskapswerk -en ontwikkeling. In die volgende hoofstukke sal die navorser dus poog, om met die navorsing wat gedoen is, hierdie ooreenkomste nouer te trek; en selfs 'n nuwe paradigma vir behoeftebepaling te skep, wat die gevolg is van gemeenskapswerk wat uit 'n taalkonstruktivistiese perspektief geïnterpreteer is.

# HOOFSTUK 3

# GEVALLESTUDIE VAN 'N GEMEENSKAPSWERKPROJEK BY DIE MADIBATLOUSKOOL

## 3.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk is die navorser se narratief van 'n spesifieke konteks binne die gemeenskapsontwikkelingsproses, en die interaksie wat daarin plaasgevind het. Dit is dan die navorser se konstruksie van wat gebeur het en is gebasseer op haar eie verwysingsraamwerk. Iemand anders se konstruksie van hierdie verhaal mag dalk anders klink, en dus is die navorser se konstruksies nie absoluut nie. Ten eerste sal die navorser 'n kort agtergrondskets gee van die gemeenskapswerkprojek waarvan die data verkry is. Daarna sal die navorser die behoeftebepalingsproses van die projek beskryf aan die hand van ses fases wat sy self ingedeel het. Hierdie fases sal dan geëvalueer word aan die hand van die volgende:

- Die beginsels van taalkonstruktivisme soos uiteengesit in hoofstuk twee onder 2.2.2, en
- die rol van die gemeenskapswerker in terme van 'n taalkonstruktivistiese perspektief soos uiteengesit in hoofstuk twee onder 2.2.3.

## 3.2 DOELWITTE VAN DIE HOOFSTUK

Met hierdie hoofstuk word daar beoog om aan te dui dat die behoeftebepalingsproses in gemeenskapswerk volgens die beginsels van taalkonstruktivisme benader kan word. Daar word ook aangedui dat daar deur middel van taalkonstruktivisme tydens behoeftebepaling 'n konteks geskep kan word waarbinne die gemeenskap self hulle behoeftes kan identifiseer, prioritiseer en oplossings vir hulle probleme kan vind.

Die belangrikheid van die rol van die gemeenskapswerker word spesifiek uitgelig aangesien taalkonstruktivisme 'n hoë premie op dialoog plaas, wat dan ook deur die gemeenskapswerker geïnisiëer moet word.

Toe die navorser betrokke geraak het by die spesifieke gemeenskap waarna verwys word in hierdie navorsing, is daar aan haar verduidelik deur diegene wat voorheen as gemeenskapswerkers by die gemeenskap betrokke was, dat die gemeenskap se grootste behoefte geïdentifiseer is as 'n behoefte aan 'n groentetuin by die skool, ten einde aan honger skoolkinders voedsel te kan verskaf. Deurdat daar in gesprek getree is met die gemeenskap het dit egter later duidelik geword dat hulle behoeftes anders lyk as wat aanvanklik met die eerste oog op slag die geval was. Vervolgens sal daar dus gekyk word na die proses wat gevolg is ten einde by hierdie "ander" behoeftes uit te kon kom.

## 3.3 AGTERGROND VAN DIE GEMEENSKAP

Die gemeenskap wat in hierdie navorsing bestudeer is, is die ouers, onderwysers en kinders van die Madibatlouskool, 'n swart plaasskooltjie wat geleë is in die Olifantsfonteinarea naby Pretoria in die Gauteng Provinsie, Suid-Afrika. Die navorser is aan die gemeenskap bekend gestel deur een van haar dosente wat betrokke was by Projek Manna (die naam van hierdie projek is intussen verander na Tiisanang), 'n projek wat netwerk tussen verskillende nie regeringsorganisasies wat gemeenskapsontwikkeling doen. Op daardie tydstip is daar ook deur die spysenieringsdepartement van UNISA via Projek Manna voedsel verskaf aan die kinders van die Madibatlouskool.

Die Madibatlouskool is aanvanklik gehuisves op die beskermvrou van die trust se plaas in die Irene omgewing. Hierdie dame het gehelp om die skool te vestig. Teen die einde van die jare tagtig het sy 'n trustfonds gestig en daar is 'n daadwerklike poging aangewend om 'n hoër opvoedkundige standaard in die skool tot stand te bring, asook beter fasiliteite om die skool in te huisves.

Saam met die Madibatloutrust het bogenoemde dame by die Departement van Onderwys en Opleiding aansoek gedoen vir die dienste van gesubsidiëerde onderwysers. Stelselmatig is daar gepoog om die skool te verbeter. Aanvanklik was dit slegs ouers wat op die plase woon wie se kinders die skool bygewoon het. Hierdie ouers se omstandighede het egter ook verander. 'n Groot aantal van die ouers het verhuis vanaf die plase na Tembisa vanweë behuisings- en werkredes. Hulle het egter

steeds hulle kinders in die skool gehou en het ook ander Tembisa-ouers van die skool vertel, wat hul kinders gevolglik ook na die skool gestuur het. Laasgenoemde het plaasgevind as gevolg van die voortdurende ontwrigting van skole in Tembisa wat deur die voortgesette geweld in die land gedurende 1992/93 veroorsaak is.

Die skool het dus gedurende 1993, toe die navorser met die skoolgemeenskap gewerk het, hoofsaaklik bestaan uit die kinders van middelklasouers in Tembisa. Omtrent een derde van al die skoolkinders het vanaf die plase in die Olifantsfonteinomgewing waar hulle ouers plaasarbeiders was, gekom.

Die beskermvrou van die trust het die trust probeer uitbou met lede wat finansiëel sterk was, soos boere in die omgewing, die maatskappy, Cullinan Holdings, waarby sy self betrokke is, en ander maatskappye. Die trust het aktief begin fondse insamel en het gedurende 1992 'n stuk grond van ongeveer eenhonderdduisend rand aangekoop van een van die boere, waarop 'n nuwe skool gebou kon word.

Ten tye van die uitvoer van die gemeenskapswerkprojek was daar ongeveer 340 kinders in die skool wat gewissel het tussen die ouderdomme van ses tot en met agttien jaar. Daar was drie onderwyseresse by die klein skooltjie waar die grade skool gegaan het. Die skooltjie is gehuisves in ou plaasbuitegeboue oorkant die teerpad vanwaar die groter kinders skool gegaan het in drie asbesklaskamers. Daar was ongeveer ses onderwysers vir die groter skool. Die grond waarop die asbsesgeboue gehuisves is het aan die beskermvrou behoort maar dit is dolemietgrond waar daar 'n moontlikheid vir die inval van sinkgate bestaan. Ander grond moes dus bekom word

waarop 'n nuwe skool gebou kon word.

Reeds gedurende 1992 het die trust 'n argitek genader om 'n nuwe skoolgebou te ontwerp. Die argitek het 'n volledige moderne skool beplan wat ongeveer vier miljoen rand sou kos. Op daardie tydstip was die trust druk besig om fondse in te samel om die eerste geboue van die nuwe skool op te rig.

Alhoewel dit dus blyk dat die oprigting van 'n nuwe skoolgebou een van die grootste behoeftes was van die gemeenskap, het 'n taalkonstruktivistiese behoeftebepalingsproses egter ook ander behoeftes aan die lig laat kom.

Alvorens daar verder na die behoeftebepalingsproses gekyk sal word, sal die groepe en persone betrokke by die behoeftebepalingsproses eers vermeld word:

- Die navorser.
- Die gemeenskapswerkstudent wat voor die navorser met die skoolgemeenskap gewerk het.
- Mevrou Schenk, die navorser se dosent wat die skoolgemeenskap aan die navorser bekend gestel het.
- Die hoof van die spysenieringsafdeling van UNISA wat voedsel aan die skoolkinders verskaf het.
- Die onderwysers van die skool, met spesifieke verwysing na die skoolhoof; die adjunkhoof; een van die eerste onderwysers van die skool en die drie damesonderwyseresse van die gradeskool.
- Die beskermvrou van die skool.

- Die skoolkinders wat hulle behoeftes bekend gemaak het.
- Die ouers van die skoolkinders.
- Die Madibatloutrustlede en die argitek wat die nuwe skool ontwerp het.

## 3.4 FASE 1 - VOORAFFASE

### 3.4.1 Beskrywing van die fase

Hierdie fase kan volgens die gemeenskapswerkmodelle beskryf word as die fase van kontakmaking (vergelyk Swanepoel, 1990:21). Wanneer daar egter na die behoeftebepalingsproses in die geheel gekyk word, kan daar ook gesê word dat omdat daar reeds in hierdie fase in gesprek getree word oor en met die gemeenskap, sekere taalkonstruksies rakende wat die behoeftes van die gemeenskap is of kan wees reeds hier geopper word.

Die navorser se eerste kennismaking met die betrokke gemeenskap het plaasgevind via haar dosent, mevrou Schenk. Laasgenoemde het die skool as 'n "uiters arm plaasskool" beskryf wat toe alreeds drie jaar lank voedselhulp vanaf UNISA se spysenieringsdepartement ontvang het. Volgens mevrou Schenk was die grootste behoefte van die skoolgemeenskap, naamlik ouers, onderwysers en kinders, dat daar **ontwikkelingswerk** met hulle gedoen moes word.

Die volgende gesprek waarin die navorser betrokke was rakende die moontlike behoeftes van die gemeenskap was gevoer met die gemeenskapswerker wat voor die

navorser by die skoolgemeenskap betrokke was. Volgens hierdie gemeenskapswerker is daar op die laaste oueronderwysersvergadering wat sy by die skool bygewoon het besluit dat die grootste behoefte van die skoolgemeenskap 'n behoefte aan 'n **groentetuin** by die skool is. Hierdie groentetuin moes dan 'n sopkombuis bedien wat weer voedsel moes voorsien aan honger leerlinge.

Die volgende gesprek wat die navorser gehad het was met die adjunkhoof van die skool. Die adjunkhoof het nie baie entoesiasties oor die **groentetuinbehoefte** gepraat nie, en hy het allerlei struikelblokke om die tuin aangelê te kry geopper, soos dat hulle nie kunsmis het nie, dat hulle nie draad het om die tuin te omhein nie, en dat die kinders nie kans kry om in skooltyd die tuin te skoffel nie. Hy het egter wel gemeld dat volgens sy perspektief die ouers 'n behoefte het aan **opvoeding** veral **geletterdheidsprogramme**.

Ook in 'n gesprek met die beskermvrou van die skool, het sy genoem dat sy voel dat 'n **groentetuin** 'n definitiewe behoefte van die skool is en dat sy bereid is om kunsmis daarvoor aan te ry en leiding te gee. Hierna is die **groentetuinbehoefte** weer eens in 'n gesprek met die hoof van die spyseniering wat voedselhulp by die skool verskaf, bevestig.

Die volgende gesprek met die hoof van die skool, laat die groentetuinbehoefte egter anders lyk. Hy meld dat die tuin moeilik hanteer sal kan word omdat die ouers ver bly en nie werklik sal kan help nie. Hulle het ook nie fasiliteite vir 'n sopkombuis nie. Die onderwysers alleen sal nie na die tuin kan omsien nie. Op die navorser se vraag

van wat die skoolhoof dan as die skoolgemeenskap se behoeftes beskou, het hy genoem dat daar slegs 30% arm plaaskinders is, maar dat dit hulle is wat voedsel, klere en vervoer benodig. Omdat daar 'n kafee naby die skool is wat lekkers verkoop, koop die welaf kinders dit en die armes word dan baie lus daarvoor. Hierdie "probleem" word ook deur die drie damesonderwyseresse van die kleiner skool bevestig. Hulle meld ook dat die voedsel van Unisa slegs by die klein skool (hierdie is die ou plaasskuur waarin die gradeklasse tot en met standerd een gehuisves word) afgegee word omdat die groter kinders dit nie wil eet nie - hulle koop voedsel by die kafee. Dit veroorsaak dat die armer kinders gedurig verontreg voel. Die **voedselkwessie** word egter uit hierdie gesprekke as 'n behoefte wat aangespreek moet word geïdentifiseer.

'n Laaste persoon met wie daar in hierdie fase in gesprek getree is oor moontlike behoeftes, was weer eens die beskermvrou. Met hierdie gesprek kom dit egter aan die lig dat in haar konstruksie dit van groot belang is dat die raad van trustees soveel **fondse as moontlik moet bekom ten einde 'n nuwe skool te kan bou**.

Uit hierdie vooraffase is dit dus duidelik dat soveel mense daar is met wie daar in gesprek getree is oor die skoolgemeenskap, soveel idees is daar oor behoeftes van die skoolgemeenskap. In die volgende fase sal aangedui word hoe die behoeftebepalingsgesprekke verder verfyn is.

### 3.4.2 Evaluasie van die fase in terme van die beginsels van taalkonstruktivisme

Die volgende taalkonstruktivistiese beginsels kan gespieël word in die voorafgaande gedeelte: (Vergelyk beginsels op bladsy 30 onder 2.2.2 van hoofstuk twee)

**Beginsel (i)**

- **Menslike sisteme is taalgenererende en tegelyktydig ook betekenisgenererende sisteme** - Deurdat die navorser met verskeie persone in gesprek getree het oor die behoeftes van die skoolgemeenskap is daar nuwe sisteme gevorm wat bepaalde betekenisse begin gee het aan woorde soos "groentetuin" of "geletterdheidsprogram". Die groentetuin is die "taal" wat gebesig is, maar dit het vir verskillende persone verskillende betekenisse gehad.

**Beginsel (ii)**

- **Betekenis en begrip word sosiaal en intersubjektiewelik gekonstrueer** - Die navorser was aanvanklik onbekend met die gemeenskap se behoeftes en het deur 'n aantal gesprekke begin verstaan wat die verskillende rolspelers bedoel met die behoeftes wat hulle geopper het. Slegs deur die gesprekke kon die navorser ooglopende onduidelikhede rondom die behoeftes van die gemeenskap begin identifiseer, en het sy begin verstaan hoe die gemeenskap ineenskakel.

**Beginsel (iii)**

- **'n Sisteem binne gemeenskapswerk kombineer rondom 'n "probleem" of "behoefte" - die relevantheid - en sal besig wees om taal en betekenis te skep eie aan homself of kenmerkend van homself, eie aan sy "aanspreek" van die "behoefte" of "oplossing" rondom die "probleem".**

Diegene wat die navorser reeds in die vooraffase in gesprek mee getree het was persone wat verbind was aan mekaar deur hulle beskouing van wat die "probleem" of eerder behoeftes van die gemeenskap is. Daar is dus eers gekyk na behoeftes wat reeds deur betrokkenes geopper is ten einde te bepaal wie die rolspelers in die gemeenskapsontwikkelingsproses gaan wees.

**Beginsel (iv)**

- **Gemeenskapswerk is ook 'n linguistiese gebeurtenis wat plaasvind binne die raamwerk van gesprek.** - Die behoeftebepalingsproses is ongetwyfeld ook 'n linguistiese gebeurtenis en 'n eksplorasie deur dialoog waarin nuwe idees en betekenisse geskep word. Veral die gesprekke met die adjunkhoof, die skoolhoof en die laaste gesprek met die beskermvrou in hierdie fase, was 'n uitruiling van idees wat weer nuwe idees navore gebring het. Vanuit hierdie gesprekke kon die navorser aflei dat die aanvanklike groentetuinbehoefte dalk nie die dringendste behoefte van die hele gemeenskap was nie.

**Beginsel (v)**

- **Die rol van die gemeenskapswerker is die van 'n meestergesprekkunstenaar** - Hierdie beginsel sluit baie nou aan met die bespreking van die gemeenskapswerker se rol en sal dus nie onder hierdie afdeling geëvalueer word nie siende dat dit volledig gedek word wanneer die rol van die gemeenskapswerker onder elke fase bespreek word.

### 3.4.3 Evaluasie van die fase in terme van die rol van die gemeenskapswerker volgens 'n taalkonstrutivistiese perspektief

Die kriteria waarvolgens die rol van die gemeenskapswerker taalkonstruktivisties geëvalueer gaan word is uiteengesit op bladsy 37-39 onder 2.2.3. Daar is agt punte van kriteria. Die navorser sal vanweë die beperkte omvang van die verhandeling nie telkens onder elke fase al agt punte kan evalueer nie, en sal dus slegs die punte uitlig wat die sterkste navore gekom het in die bepaalde fase.

Ten eerste kan gesê word dat die navorser telkens in haar gesprekke met die gemeenskapslede in hierdie fase gepoog het om die vraagstelling te hou by die parameters soos deur die gemeenskapslede beskryf. Alhoewel die navorser dus gevoel het dat 'n groentetuin nie die kernbehoefte is van die gemeenskap nie het sy telkens eerste daaroor begin uitvra waarna daar beweeg is na die vraag oor of daar dalk nog ander behoeftes kan wees.

Die navorser het in haar gesprek, soos die met die skoolhoof, probeer om saam met hom te soek na nuwe oplossings en het nooit die groentetuin-idee as reg of verkeerd afgemaak nie. Die navorser het alles wat aan haar gesê is as ernstig opgeneem, selfs die idee van die onderwyseresse dat die groter kinders neersien op die voedselhulp en nie die kos wil saameet nie.

Omdat die navorser die gemeenskap nog nie ken nie het sy telkens die verantwoordelikheid geneem vir die skepping van 'n gesprekskonteks wat ruimte skep vir wedersydse samewerking in die identifisering van behoeftes. Die navorser moes veral hierdie gesprekskonteks skep in haar gesprekke met die beskermvrou, omdat mevrou altyd baie besig was en sake vinnig wou afhandel.

## 3.5 FASE 2 - EERSTE FORMELE STAP IN DIE BEHOEFTEBEPALINGSPROSES

### 3.5.1 Beskrywing van die fase

Hierdie fase het begin by die oorhandiging van papiere met behoeftes daarop geskryf deur die drie damesonderwyseresse aan die navorser. Hierdie behoeftes is volgens hulle die behoeftes van die armer skoolkinders. Die navorser het met haar vorige besoek aan die dames gevra dat hulle die kinders prente moet laat teken van wat hulle behoeftes is. Die navorser wou met ander woorde weet wat die kinders beskou as hulle behoeftes. Die navorser het ook self vir die kinders gevra om hierdie prente te teken - haar versoek is aan die kinders oorgedra deur die onderwyseresse wat in

Zoeloe en Sotho getolk het wat die navorser vir die kinders gevra het. Toe die navorser egter met die onderwyseresse in gesprek tree om aan hulle te verduidelik dat sy by die kinders wil weet wat hulle as hul behoeftes beskou, het sy van die woord "needs" gebruik gemaak om te probeer oordra wat sy wou weet. Die onderwyseresse het egter onder die woord "needs" verstaan dat hulle die fisiese behoeftes van die kinders moet lys. Hier moes die navorser dus eers die woord "needs" met die onderwyseresse bespreek het ten einde seker te maak dat hulle verstaan dat dit nie net om fisiese behoeftes gaan nie maar ook oor emosionele behoeftes. Dit moes ook die kinders self se indrukke gewees het en nie 'n lys behoeftes wat die onderwyseresse hulle help opstel het nie. Die gevolg hiervan was dat die onderwyseresse slegs aan die navorser 'n paar velletjies papiere gegee met die volgende gelyste behoeftes: **skoolklere, voedsel en skoolboeke**. Hulle het baie daarop uitgebrei soos om te skryf "girls school uniform, boys trousers, girls sports clothes, boys school shoes", en dies meer. Die onderwyseresse was onder die indruk dat omdat die navorser 'n maatskaplike werker is sy hierdie items aan die kinders sal kan "gee". Die navorser moes hulle egter deur middel van gesprek daartoe lei om te verstaan dat die gelyste behoeftes deur die navorser self, die ouers, kinders en onderwysers aangespreek moet word.

'n Soortgelyke ervaring as bogenoemde het die navorser begroet by die groter skool. Met haar aankoms het die skoolhoof haar 'n dik pak papiere in die hand gestop waarop elke kind geskryf het wat hy vir die skool nodig het en wat vir die huis. Weer eens was die navorser se versoek dat die kinders hulle "needs" moes teken en weer eens het sy behoeftelysies gekry. Die volgende behoeftes is onder andere gelys:

**"School: computer, electricity, finance, swimming-pool, garden, desk, chair, sport uniform, kitchen, library, Saturday school, more class, heaters, green grass, typing machine. Home: telephone, video, clothes, swimming-pool, bedroom, electricity, bathroom, alarms, security doors, micro oven, money, roomdivider, car, M-net decoder, washing machine."**

Dit is dus duidelik dat die woord "needs" deur die verskillende partye verskillend geïnterpreteer is; asook die kapasiteit van die navorser om hierdie "needs" te kan bevredig. Die navorser het daarmee bedoel dat sy wou weet wat die kinders beskou as hulle maatskaplike en emosionele behoeftes, en nie soseer watter fisiese hulpmiddels die skool nodig het nie. Die kinders het egter onder "needs" verstaan dat hulle moet sê wat hulle by die huis nodig het en ook luukshede wat hulle graag sou wou hê soos 'n swembad of M-net dekodeerder. Die kinders en onderwysers het gedink dat "needs" ook impliseer dit wat hulle fisies nodig het by die skool soos elektrisiteit, stoele, 'n biblioteeek en dies meer. Daar was dus baie verskillende interpretasies van die woord "needs" wat die navorser kortliks gebruik het en dus te min geklarifiseer het sodat sy uiteindelik ander inligting en ook minder inligting bekom het as wat sy wou hê.

Nietemin het die navorser na aanleiding van bogenoemde gelyste behoeftes in gesprek getree met die skoolhoof en 'n paar ander onderwysers. Saam word besluit dat 'n oueronderwysersvergadering gehou moet word sodat die ouers se perspektief verkry kan word rakende hulle behoeftes en hulle idees oor die behoeftes van die

skoolgemeenskap. Op die vergadering sal die behoeftelysies van die kinders ook aan die ouers voorgehou word. Die onderwysers voel dis 'n goeie idee en die skoolhoof wil ook die trustlede by die vergadering betrek. Daar word dus in dialoog getree oor die vorm wat die ouervergadering moet aanneem en dus word die volgende stap in die behoeftebepalingsproses geneem.

### 3.5.2 Evaluasie van die fase in terme van die beginsels van taalkonstruktivisme

**Beginsel (i) Menslike sisteme is taalgenererende en tegelyktydig ook betekenisgenererende sisteme.**

- Vanuit die wyse waarop die onderwysers die navorser se gebruik van die woord "needs" geïnterpreteer het asook die behoeftelysies wat ontvang is, is dit duidelik dat taal beslis binne 'n bepaalde konteks vir verskillende persone verskillende betekenisse het. Soos vermeld onder die beskrywing van die fase het die navorser onder die woord "needs" verstaan die kinders en onderwysers se siening van hulle maatskaplike en emosionele behoeftes. Dit wat gekommunikeer is het egter vir die navorser nuwe lig gewerp op die spesifieke omstandighede en wyer behoeftes van die skoolgemeenskap.

**Beginsel (ii) Betekenis en begrip word sosiaal en intersubjektiewelik gekonstrueer.**

- Hierdie beginsel het baie duidelik in hierdie fase navore gekom. Betekenis en begrip kan slegs gekonstrueer word wanneer mense met mekaar in gesprek

tree. Die lysies met behoeftes was nie wat die navorser werklik wou weet omtrent die gemeenskap nie, maar dit kon moontlik dit gewees het wat die gemeenskap wou hê die navorser omtrent hulle moes weet. Dit wat hulle dus wel aan die navorser gekommunikeer het, het ook bepaalde betekenis vir hulle gehad en het dus ook vir die navorser meer "vertel" van die verskillende fasette van hulle bestaan en wat hulle as deel van hulle behoeftes beskou. Die navorser wou egter meer spesifiek bepaal wat die gemeenskap voel rondom die skool moet gebeur sodat die skool, kinders, onderwysers en ouers kon groei en ontwikkel en dus hulle potensiaal as mense en veral 'n skoolgemeenskap verwesenlik. Toe die navorser slegs eenrigtingkommunikasie gebruik het en vir "needs" gevra het, het sy dit gekry wat in die gemeenskap van onderwysers en kinders se perspektief as "needs" beskou is. Eers toe daar later in gesprek getree is met die gemeenskap kon die navorser deur middel van dialoog meer spesifiek bepaal watter gevoelde behoeftes die gemeenskap het wat in hulle perspektief ooreenstem met dit wat die navorser wou bepaal, naamlik hoe hulle as 'n breë skoolgemeenskap kon groei en ontwikkel.

**Beginsel (iii) Enige sisteem in gemeenskapswerk is een wat gekombineer het rondom die een of ander "behoefte" of "probleem" - die relevantheid - en sal besig wees om taal en betekenis te skep eie aan homself of kenmerkend van homself, eie aan sy organisasie en eie aan sy "aanspreek" van die "behoefte" of "oplossing" rondom die "probleem".**

- Na aanleiding van die notas van die student wat voor die navorser by die gemeenskap betrokke was, en ook die navorser se eerste kontak met die

adjunkhoof van die skool, was die grootste "behoefte" van die skool 'n groentetuin sodat hulle selfvoorsienend kon wees wat voedsel aanbetref. Die gemeenskapsisteem het dus tot en met die navorser se toetrede tot die gemeenskap gekombineer rondom die groentetuinbehoefte. Namate daar in gesprek getree is met die breër gemeeenskap het die gemeenskapsisteem rondom nuwe behoeftes gekombineer en nuwe taal en betekenis is gegenereer, soos byvoorbeeld die behoeftes van die skool soos deur die kinders gesien. Dit wat die onderwysers en kinders vir die navorser aangebied het as hulle behoeftes was dan ook taal en betekenis wat hulle geskep het eie aan hulleself aan dit wat hulle as die "probleem" beskou het. Daardeur kon duidelik gesien word dat die gemeenskap met wie se behoeftes daar gewerk moet word nie net uit onderwysers en kinders moet bestaan nie, maar uit ouers, kinders, trustlede en almal wat verbind is met die funksionering van die skool.

**Beginsel (iv) Gemeenskapswerk is ook 'n linguistiese gebeurtenis wat plaasvind binne die raamwerk van gesprek.**

- Weer eens het die lysies behoeftes bewys dat gemeenskapsontwikkeling ook 'n linguistiese gebeurtenis moet wees wat plaasvind binne gesprek. Eers toe daar in gesprek getree is met die onderwysers kon meer duidelikheid verkry word rakende dit wat die kinders met hulle behoeftes bedoel; en kon daar besluit word op 'n ouervergadering wat 'n verdere stap in die ontwikkelingsproses en behoeftebepalingsproses is.

### 3.5.3 Evaluasie van die fase in terme van die rol van die gemeenskapswerker volgens 'n taalkonstruktivistiese perspektief

Alhoewel die navorser besef het dat die onderwysers en kinders se interpretasie van die woord "needs" anders was as haar eie het sy nie dit waarmee hulle gekom het verwerp nie, maar daarby begin deur hulle verder te lei om ander inligting in te win - byvoorbeeld waar die navorser aan die onderwyseresse verduidelik het dat die hele gemeenskap moet help om die gelyste behoeftes aan te spreek.

Die navorser het dus tegelyketyd gewerk met die onderwysers en kinders se idee van hulle behoeftes asook dit wat sy self waargeneem het. Sy het nooit vir hulle gesê hulle het haar versoek verkeerd geïnterpreteer nie.

Dit is duidelik dat die navorser egter die verkeerde taal gebruik het toe sy na "needs" verwys het. Sy moes eerder eers vasgestel het wat die onderwysers onder die woord verstaan alvorens sy net aangeneem het hulle weet wat sy bedoel. Die navorser moes ook meer bewus gewees het van wat sy self met die woord bedoel het en eerder dit wat sy wou weet omskryf het, en nie net een woord gebruik het nie.

Deur die gemeenskap se aanbieding van hulle behoeftes te aanvaar het die navorser probeer om 'n goeie luisteraar te wees wat nie te gou verstaan nie - dis hoekom 'n vergadering belê moes word sodat sy "beter kon verstaan" wat hulle behoeftes is.

Die navorser het begin dink hoe sy die woord "needs" sou geïnterpreteer het as sy die onderwysers was. Dit het dan by die navorser opgekom dat indien sy 'n swart

onderwyseres was wat met minder bevoorregte kinders gewerk het en 'n blanke maatskaplike werker kom vra wat hulle "needs" is, sy waarskynlik ook eerste aan materialistiese behoeftes sou gedink het. Die navorser het dus uit hierdie selfevalusie ontdek dat sy 'n fout begaan het deur aan te neem hulle weet wat sy bedoel.

## 3.6 FASE 3 - EERSTE VERGADERING VAN OUERS, ONDERWYSERS EN TRUSTEELEDE

### 3.6.1 Beskrywing van die fase

Met hierdie eerste vergadering is daar gepoog om die metode van Freire (1994:68) te gebruik wat daarop neerkom dat aksie wat geneem is (naamlik die navorser se versoek aan die onderwysers en kinders om hulle behoeftes deur middel van tekenprente weer te gee en wat hulle uiteindelik verstaan het as die neerskryf van hulle "needs" op papiere) teruggekaats word aan die gemeenskap (trusteelede, ouers en ander onderwysers), dat hulle aksie daarrondom beplan en weer hulle idees terugkaats sodat dit weer geëvalueer kan word op 'n volgende vegadering of gespreksgeleentheid.

Die vergadering is dan bygewoon deur die navorser en haar kollega (mevrou Pinky Vilakazi wat Zoeloe magtig is en dus kon verstaan wat die ouers onderlangs vir mekaar sê, en dus sommige van hulle griewe kon optel) wat haar behulpsaam was met die fasilitering van die behoeftebepalingsproses, die beskermvrou van die trust, die trusteelede, die Tembisa-ouers, 'n paar plaasouers en die onderwysers.

Ten eerste het die trustlede aan die ouers en onderwysers gedemonstreer wat hulle dink die skool se belangrikste behoefte is, naamlik **'n groot duur en luukse nuwe skoolgebou**. Hierdie proses het plaasgevind via eenrigtingkommunikasie. Die ouers het gesit terwyl die voorsitter van die trust en die argitek verduidelik het. Die ouers het weinig reaksie getoon op die voorlegging.

Terwyl die voorlegging aan die gang was het van die ouers egter onderlangs begin gesels rakende hulle ontevredenheid met die skool. Na die voorlegging het die navorser begin om vir die ouers te vertel van die behoeftes wat hulle kinders geïdentifiseer het. Die navorser se kollega het ook die ouers in Zoeloe versoek om aan haar en die groep te vertel wat hulle sien as probleme en behoeftes en het gemeld dat sy gehoor het hulle praat onderlangs oor die skool. Hierdie gesprekke is dan grootliks in Zoeloe en soms in Engels gevoer, waarna die navorser se kollega dit vir haar vertaal het.

Die ouers en onderwysers het in groepe verdeel en die volgende behoeftes is geïdentifiseer:

- **wie is die trust werklik en wat wil hulle doen?;**
- **die kwessie van gebrek aan elektrisiteit;**
- **die voedsel en klerenood van sommige kinders;**
- **die feit dat sommige onderwysers veral die kleiner kinders aan die slaap maak en dan hulle eie ander werk doen, naamlik hulle Unisa opdragte voltooi omdat sommige van hulle besig was met verdere studies aan Unisa;**

- **die busvervoer - die kinders is te veel vir een bus, dis gevaarlik en die bestuurder verhoog telkens die tariewe;**
- **sommige onderwysers gebruik vuil taal as hulle met die kinders praat;**
- **die kinders kry byna nooit huiswerk nie;**
- **higiëne by die skool - daar is nie vars water en ordentlike toilette nie; en**
- **daar word vir Sothokinders in Zoeloe klas gegee en andersom.**

Nadat die behoeftes gelys is het die ouers met die skoolhoof in gesprek daaroor probeer tree. Die navorser was van mening dat so 'n indringende gesprek tussen die ouers en die skoolhoof, waar hulle hom eintlik verantwoordelik gehou het vir bogenoemde behoeftes, moontlik vir hom baie bedreigend kon wees en dat dit ook die rede kon gewees het dat hy die gesprek wou uitstel tot 'n latere datum. Daar kon dus nie voortgegaan word om dadelik aan oplossings te begin werk nie. Wat duidelik was, was dat daar ooreenstemmende behoeftes navore gekom het tussen die kinders se lysies en dit wat die ouers geopper het. Daar was nou reeds veel meer behoeftes as wat aanvanklik tydens fase een aan die lig gekom het.

### 3.6.2 Evaluasie van die fase in terme van die beginsels van taalkonstruktivisme

**Beginsel (i) Menslike sisteme is taalgenererende en tegelyktydig ook betekenisgenererende sisteme.**

- Die feit dat die ouers begin praat het oor dit wat hulle as probleme en

behoeftes beskou het hulle gedefiniëer as 'n sisteem van ouers wat later dalk 'n ouerkomitee kan vorm. Die gesprek tussen die ouers en onderwysers kan dus die weg vir die skep van 'n nuwe kommunikasieliggaam, soos 'n ouerkomitee, baan. Daar hoef dus nie eers 'n liggaam te bestaan voordat daar begin kan word met gesprek nie.

**Beginsel (ii) Betekenis en begrip word sosiaal en intersubjektiewelik gekonstrueer.**

- Deurdat die trust, ouers en onderwysers asook die navorser en haar kollega in dialoog begin verkeer het, het daar begrip ontstaan vir die dieperliggende behoeftes van die ouers. Die feit dat die ouers egter nie baie met die trustlede gekommunikeer het nie, en dit geblyk het asof dit vir die skoolhoof moeilik was om sommer skielik met 'n klomp "probleme" gekonfronteer te word, het veroorsaak dat daar nog onsekerheid bestaan oor die twee partye se rolle en bedoelings. Daar bestaan dus nog nie ooreenkoms tussen die ouers en laasgenoemde twee partye nie.

**Beginsel (iii) Enige sisteem in gemeenskapswerk is een wat gekombineer het rondom die een of ander "behoefte" of "probleem" - die relevantheid - en sal besig wees om taal en betekenis te skep eie aan homself of kenmerkend van homself, eie aan sy organisasie en eie aan sy "aanspreek" van die "behoefte" of "oplossing" rondom die "probleem".**

- Die samekoms van al die betrokke partye by die vergadering is gefasiliteer deur 'n gesamentlike "probleem" of belangesaak naamlik die ontwikkeling van

die skool. Die gemeenskapsisteem is dus gevorm rondom hierdie belangesaak. Deur die behoeftes wat gelys is kan onderskei word wie betrokke sal wees by die oplossing daarvan, naamlik die ouers, onderwysers, trustlede, busvervoerbestuurder en 'n moontlike oueronderwyserskomitee.

**Beginsel (iv) Gemeenskapswerk is ook 'n linguistiese gebeurtenis wat plaasvind binne die raamwerk van gesprek.**

- Die feit dat die trustlede nie werklik in gesprek getree het met die ouers en onderwysers nie het daartoe gelei dat die ouers steeds nie verstaan wat die doel van die trust is nie. Ook die skoolhoof se vermyding van 'n oop gesprek met die ouers laat hulle behoefte om met hom te praat oor sekere sake in die lug hang. Die behoeftes bly dus onaangespreek. Omdat die navorser egter gesprek met die ouers en onderwysers begin fasiliteer het, is die baan geopen vir die gesamentlike ontdekking van nuwe idees.

### 3.6.3 Evaluasie van die fase in terme van die rol van die gemeenskapswerker volgens 'n taalkonstruktivistiese perspektief

Die navorser het haar gesprek met die ouers en onderwysers begin deur te hou by dit wat die kinders reeds gebring het as behoeftes. Deur dit te doen het sy vir hulle geleentheid geskep om te begin praat oor nuwe perspektiewe op dieselfde probleme.

Die navorser het alles wat die ouers as probleme en behoeftes gemeld het as ernstig opgeneem - selfs die aantygings teen die onderwysers. Dit word gedoen sodat die

kommunikasiekanale oop kan bly en die gemeenskap kan voel hulle opinie word na waarde geskat.

Die navorser het gepoog om op so 'n wyse te luister na die gemeenskap dat hulle soveel inligting moontlik sou deurgee. Dit is gedoen deurdat daar tydsaam gewag is vir terugvoer van elke groep af asook vir idees van die vloer af. In teenstelling hiermee het die trust haastig hul saak verduidelik en dus nooit gehoor wat die ouers en onderwysers werklik voel en dink nie.

Deurdat die navorser 'n ouervergadering gefasiliteer het, het sy dus verantwoordelikheid geneem vir die skepping van 'n gesprekskonteks wat ruimte geskep het vir wedersydse samewerking in die behoeftebepalingsproses.

## 3.7 FASE 4 - SKOOLKINDERS VOER TONEELTJIES OP

### 3.7.1 Beskrywing van die fase

'n Groot fout wat die navorser in hierdie fase begaan het was om nie in direkte kommunikasie met die skoolkinders te handel nie, maar slegs aan die skoolhoof te vra of hy en sy personeel vir die kinders sal vra om "dramas" op te voer wat uitbeeld "hoe hulle lewens is", spesifiek in terme van hoe hulle hul lewens as skoolkinders binne die konteks van die skoolgemeenskap ervaar. Dit het gebeur omdat die navorser nie hierdie stap in die proses goed genoeg deurdink het nie en ook omdat sy so graag die tegniek van gemeenskapsdrama wou toepas dat sy nie goed genoeg gedink het oor

hoe om die skoolkinders te benader nie. Die navorser se oorgretigheid het haar dus gestrem in die uitvoer van hierdie fase. 'n Verdere fout was dat die navorser weer eens nie geklarifiseer het wat sy bedoel met "hoe die kinders se lewens is" nie. Sy het nie probeer vasstel wat die onderwysers en kinders onder haar versoek verstaan het nie.

Op sy beurt het die skoolhoof vir die adjunk-skoolhoof gevra om die toneeltjies met die kinders uit te werk. Die adjunk-skoolhoof het weer besluit om slegs die standerd ses en sewe dogters te betrek by die toneeltjies, waarskynlik omdat dit die kinders wat die oudste was en die maklikste afgerig kon word om "goeie werk" te kon lewer.

Dit het vir die navorser gelyk asof die adjunk-skoolhoof en moontlik van die ander onderwysers die toneeltjie kon uitgewerk het vir die kinders en dit dus nie die kinders se eie idees was nie. Die eerste toneeltjie het egter weer gelyk asof dit die kinders se eie werk kon gewees het. Weer eens het die navorser waardevolle inligting verloor omdat sy nie agterna probeer vasstel het wie die toneeltjies geskep het en wat die kinders onder die navorser se versoek om toneeltjies op te voer verstaan het nie. Die volgende temas is uitgebeeld:

- In die eerste toneeltjie word twee dogters uit verskillende huise wat skool toe gaan uitgebeeld. Tydens pouse wil die onderwyseresse hulle kos eet. Hulle gaan kla by hulle ouers wat weer die skool besoek en die saak met die onderwysers opneem. In die tweede toneeltjie word onderwysers uitgebeeld wat voor 'n konsert agter die verhoog gesels oor die konsert. Hierna sing 'n groep dogters 'n lied wat twee keer herhaal word.

Soos reeds gemeld was dit duidelik dat die onderwysers en kinders iets anders onder die woord "dramas" verstaan het as wat die navorser bedoel het. Die navorser weet ook nie definitief of die toneeltjies die kinders se eie werk was of 'n gesamentlike poging tussen hulle en die onderwysers nie. Wat wel navore gekom het uit die eerste toneeltjie is onregverdige optrede van die onderwysers teenoor die kinders. Hierdie is 'n tema wat ook op die ouervergadering uitgekom het.

### 3.7.2 Evaluasie van die fase in terme van die beginsels van taalkonstruktivisme

**Beginsel (i) Menslike sisteme is taalgenererende en tegelyktydig ook betekenisgenererende sisteme**

- Omdat die navorser nie in dialoog getree het met die onderwysers en die kinders self rakende die toneeltjies nie, het hulle nie verstaan wat sy bedoel het nie, naamlik hoe hulle as skoolkinders hulle lewens binne die konteks van die skoolgemeenskap ervaar. Hierdie inligting het die navorser egter jammerlik nie aan die skoolkinders self gekommunikeer nie. As gevolg hiervan het die navorser ook nie 'n verhouding met die kinders opgebou nie omdat daar nie kommunikasie tussen ons was nie.

**Beginsel (ii) Betekenis en begrip word sosiaal en intersubjektiewelik gekonstrueer.**

- Ook na aanleiding van hierdie beginsel was dit duidelik dat die navorser, die kinders en onderwysers nie begrip vir mekaar se idees gehad het nie omdat die

navorser nie kommunikatiewe aksie geneem het nie. Uit die toneeltjies se inhoud het die gebrek aan voldoende kommunikatiewe aksie helder navore gekom.

**Beginsel (iii) Enige sisteem in gemeenskapswerk is een wat gekombineer het rondom die een of ander "behoefte" of "probleem" - die relevantheid - en sal besig wees om taal en betekenis te skep eie aan homself of kenmerkend van homself, eie aan sy organisasie en eie aan sy "aanspreek" van die "behoefte" of "oplossing" rondom die "probleem".**

- Die wyse waarop die onderwysers en kinders die toneeltjies hanteer het was eie aan hulle organisasie en hulle begrip van die woord "dramas" wat die navorser gebruik het. Uit die aard van die toneeltjies het die navorser agter gekom hoe hulle "dramas" geïnterpreteer het.

**Beginsel (iv) Gemeenskapswerk is ook 'n linguistiese gebeurtenis wat plaasvind binne die raamwerk van gesprek.**

- Deur slegs vir die skoolhoof te vra om vir die onderwysers en kinders te vra om dramas op te voer was beslis nie 'n linguistiese gebeurtenis wat plaasgevind het tussen die navorser en laasgenoemde twee partye nie. Daar kon dus nie 'n uitruiling van idees plaasgevind het wat tot moontlike oplossing van probleme gelei het nie.

### 3.7.3 Evaluasie van die fase in terme van die rol van die gemeenskapswerker volgens 'n taalkonstruktivistiese perspektief

'n Baie belangrike aspek wat die navorser uitgelaat het in hierdie fase was om na afloop van die toneeltjies met die kinders te gesels oor die toneeltjies en daardeur te probeer beweeg na hulle konstruksie van hulle lewens. Waardevolle inligting kon sodoende bekom word.

Alhoewel die kinders uitgebeeld het wat hulle gedink het die navorser wou hê, en al was dit nie heeltemal wat die navorser in gedagte gehad het nie, het sy nie die toneeltjies afgeskiet nie, maar eerder probeer kyk na wat dit van die proses gesê het wat die navorser gevolg het. Daar was tog 'n ooreenkoms tussen die eerste toneeltjie en die ouers se ontevredenheid met die onderwysers tydens die ouervergadering.

Weer eens het die navorser se gebruik van die woord "dramas" sonder om uit te klaar wat sy self, die onderwysers en kinders daaronder verstaan, probleme in haar ontdekking van die gemeenskap se behoeftes veroorsaak. Die navorser moes ook in meer detail vir haarself uitgeklaar het wat sy met die dramas wou bereik en hoe sy dit aan die kinders en onderwysers moes oordra sodat dit betekenisvol kon wees.

## 3.8 FASE 5 - OUERKOMITEE WORD GESTIG - SLOTFASE

### 3.8.1 Beskrywing van die fase

Alvorens die ouerkomitee gestig is, is daar eers 'n oueronderwyservergadering belê op die beskermvrou van die Madibatlou Trust se plaas. Die navorser wou poog om tydens hierdie vergadering, indien dit die gemeenskap se behoefte was, die **ouerkomitee** te stig. Die navorser se persepsie dat die plaas 'n goeie vergaderplek sou wees was egter foutief. Daar het slegs omtrent vyf plaasouers en omtrent vier Tembisa-ouers opgedaag, sowel as vier onderwysers. Die navorser het weer eens nie werklik in dialoog met die ouers getree ten einde te bepaal wat vir hulle die beste vergaderplek sou wees nie. Die ouers het duidelik nie geweet waar die plaas is nie en die vergadering was sleg bygewoon.

Ter voorbereiding van hierdie vergadering het die navorser egter plakkate voorberei waardeur sy dit wat tot dusver as behoeftes vermeld is, wou terugkaats aan die groep. Een plakkaat het getoon dat daar 'n behoefte blyk te wees aan 'n netwerkliggaam wat kommunikasie bewerkstellig tussen al die betrokkenes by die skoolgemeenskap naamlik die ouers, onderwysers, kinders, busvervoerpersoon, trustlede, lede van projek Manna (tans Tiisanang), lede van die die Katolieke kerk in Irene wat ook voedselhulp by die skool verskaf het, en alle ander instansies of persone wat van belang sou wees vir die funksionering van die skool.

Voorts het die navorser ook kleiner plakkate gemaak met prente op wat die volgende behoeftes wat verkry is vanuit kontak met die gemeenskap tot dusver, gereflekteer het:

- **stoele en tafels vir die skool, musiekinstrumente, boeke, aanbieding van nuwe vakrigtings, voedselhulp, rekenaars, skoolskoene en klere, vervoer, om vir kinders te leer hoe om hard te werk en selfrespek te hê, skoonmaakmiddels vir die skool, geld vir 'n nuwe skool, gehalte van die ondwerwysers, higiëne by die skool en vars water.**

Hierdie plakkate is reeds by die plaasvergadering aan die ouers en onderwysers getoon ten einde gesprek te fasiliteer. Dit het baie positiewe reaksie uitgelok en die ouers het gevoel daar moet dadelik 'n volgende vergadering belê word waartydens 'n ouerkomitee gestig kon word aangesien so 'n komitee die dringendste behoefte blyk te wees.

Met die hou van die volgende vergadering by die skool het 'n groot groep ouers van ongeveer 65 asook die onderwysers, die navorser se kollega en met die beskermvrou van die Trust die vergadering bygewoon. Die navorser het begin deur een van die ouers wat die plaasvergadering bygewoon het te vra om terugvoer te gee oor die vergadering. Die ouer beklemtoon sy gevoel dat hy dink 'n ouerkomitee is noodsaaklik. 'n Ander ouer meld dat daar al 'n vorige ouerkomitee was maar dat daar onduidelikheid was oor hulle doel en dit nie geslaag het nie - hy bepleit die stigting van 'n meer doelgerigte komitee.

Die navorser het ook weer die plakkate met behoeftes op gebruik om idees mee te reflekteer en het al die terugvoer van die vergadering op ander plakkate neergeskryf. Tydens hierdie vergadering het die navorser die gesprek slegs aan die begin

gefasiliteer. Die ouers en onderwysers het self voortgegaan en oor die volgende besluit:

- **Die samestelling van die komitee en vergadertye**: ouers het gevoel daar moet twee onderwysers op die komitee wees, naamlik die skoolhoof en nog 'n onderwyser, vier ouers van Tembisa en vier ouers vanaf die plase (Alhoewel daar meer kinders vanaf Tembisa afkomstig was het die ouers steeds gevoel daar moet vier verteenwoordigers wees van die plase en Tembisa), die ouers wat uiteindelik op die komitee gedien het het vrywillig navore gekom om hulle diens aan te bied.
- **Probleme met sommige onderwysers asook met die skoolhoof**: die nuut verkose ouer-onderwyserkomitee is afgevaardig om probleme wat ouers met onderwysers het op te volg.
- **Die busvervoerkrisis**: 'n Ouer wat ook as vakbondonderhandelaar opgetree het in die verlede, het met die buskontrakteur onderhandel oor beter tariewe vir die busvervoer en konsensus is bereik.
- **Verdere skakeling tussen ouers en onderwysers**: die ouer-onderwyserkomitee sal voortaan die skakel vorm tussen ouers en onderwysers.
- **Skakeling met die trust**: ook hier sal die ouer-onderwyserkomitee die skakeling behartig.

Dit was duidelik dat die navorser die waargenome behoeftes op die regte wyse aan die gemeenskap gereflekteer het sodat hulle in gesprek kon tree daaroor. Deur verdere gesprek het hulle ook daarin geslaag om nie net 'n ouerkomitee te stig nie, maar om ook sekere behoeftes soos byvoorbeeld die busvervoerkrisis deur te praat en op te los.

Met hierdie vergadering is die behoeftebepalingsproses tot op 'n punt gedryf waar die gemeenskap aktief in gesprek begin tree het om behoeftes aan te spreek en probleme op te los. Sodoende is die ontwikkelingsproses gefasiliteer en kon daar voortgegaan word met verdere fases in die gemeenskapsontwikkelingsproses.

### 3.8.2 Evaluasie van die fase in terme van beginsels van taalkontruktivisme

**Beginsel (i) Menslike sisteme is taalgenererende en tegelyktydig ook betekenisgenererende sisteme.**

- Die nuwe ouerkomitee is gevorm na aanleiding van gesprek deur ouers. Die lede wat verkies was, was diegene wat aktief in gesprek verkeer het en is sodoende geïdentifiseer as 'n sisteem wat 'n komitee kan vorm.

**Beginsel (ii) Betekenis en begrip word sosiaal en intersubjektiewelik gekonstrueer.**

- Deurdat die ouers en onderwysers vir die eerste maal werklik met mekaar begin praat het, het hulle deelgeneem aan 'n betekenisgenererende gesprek wat vir hulle relevansie gehad het. So kon hulle byvoorbeeld vir die eerste keer na maande se gesukkel die busvervoerkrisis op los. Daar was nog nooit werklike kommunikasie tussen die ouers en die eienaar van die busdiens wat die kinders vanaf Tembisa na die skool vervoer het nie. Die eienaar het sy tariewe aanhoudend verhoog en ook die busse oorlaai; soveel so dat die ouers verontreg begin voel het. Op die ouervergadering was die busdienseienaar

egter self ook teenwoordig omdat hy 'n aantal ouers vanaf Tembisa na die vergadering gebring het. Dit was vir die ouers 'n gulde geleentheid om hom direk te konfronteer oor die tariewe en die oorvol busse. Deur middel van gesprekvoering kon hulle 'n nuwe reëling uitwerk wat vir die ouers en eienaar betekenis en waarde gehad het. Sonder hierdie gesprekvoering sou daar nie begrip kon ontstaan vir die buseienaar se behoeftes nie, en sou hy ook nie die ouers se behoeftes kon verstaan of selfs behoorlik daarvan kennis dra nie.

**Beginsel (iii) Enige sisteem in gemeenskapswerk is een wat gekombineer het rondom die een of ander "behoefte" of "probleem" - die relevantheid - en sal besig wees om taal en betekenis te skep eie aan homself of kenmerkend van homself, eie aan sy organisasie en eie aan sy "aanspreek" van die "behoefte" of "oplossing" rondom die "probleem".**

- Die feit dat 'n ouerkomitee gevorm is het te make gehad daarmee dat dit 'n behoefte was vir al die betrokkenes. Die gesprek tydens die vergadering was dan ook nou verbind aan sake wat net 'n ouerkomitee sou kon hanteer, soos byvoorbeeld wrywing tussen ouers en onderwysers. Die ouerkomiteesisteem het dus gekombineer rondom probleme wat hy moet aanspreek.

**Beginsel (iv) Gemeenskapswerk is ook 'n linguistiese gebeurtenis wat plaasvind binne die raamwerk van gesprek.**

- Die gesprek tydens die vergadering wat die ontwikkelingsproses gefasiliteer het was 'n wedersydse soektog en eksplorasie deur dialoog waarin nuwe betekenisse geskep is deurdat oplossings vir probleme gevind kon word, soos

byvoorbeeld die ouers wat 'n kommunikasiekanaal met die skoolhoof kon vind. Vir die skoolhoof was dit meer aanvaarbaar om met die ouers oor hulle griewe en behoeftes te kommunikeer via 'n ouer-onderwyserkomitee omdat hy nie telkens dieselfde griewe van verskillende ouers hoef aan te hoor nie, maar eerder in 'n komiteegesprek saam met ouers sake kon bespreek. Die ouers het weer probleme ondervind om met die skoolhoof te kommunikeer omdat hy dikwels by onderwysvergaderings was en dus nie baie beskikbaar was nie, of omdat dit gelyk het asof hulle ontevredenheid oor sommige skoolsake vir hom bedreigend was en hy die ouers wou vermy. Deurdat hy self op die ouer-onderwyserkomitee verkies is, sou daar 'n meer direkte kommunikasiekanaal na hom toe wees en kan ouers hul probleme via die komitee met hom bespreek.

### 3.8.3 Evaluasie van die fase in terme van die rol van die gemeenskapswerker volgens 'n taalkonstruktivistiese perspektief

Deurdat die navorser absoluut bly hou het by die behoeftes soos deur die gemeenskap beskryf en geïdentfiseer, is die kanale geskep vir verdere gesprek en probleemoplossing. Deurdat die navorser telkens tydens die ouervergaderings aan die ouers teruggekaats het wat hulle as behoeftes by die vorige vergadering gemeld het, kon sy uitklaar of dit steeds die behoeftes is wat hulle identifiseer as belangrik. Sodoende was dit vir die navorser dan moontlik om in voeling te bly met dit wat die gemeenskap as hulle behoeftes beskou en nie dit wat sy dink hulle as behoeftes beskou nie.

Alhoewel die navorser nie altyd saamgestem het met die wyse waarop die ouers en onderwysers die komitee saamgestel het nie, het sy nogtans hulle nie probeer beïnvloed nie en saam met hulle idees gewerk. Die navorser was byvoorbeeld van mening dat daar slegs twee ouers van die plase af verteenwoordig moes wees op die komitee, en vier vanaf Tembisa omdat daar meer kinders vanuit Tembisa afkomkostig was. Die ouers en onderwysers wou egter die verteenwoordiging gelyk gehad het, naamlik vier ouers uit elke gebied en die navorser moes hulle dit so laat doen omdat daar met hulle idees gewerk word en nie net die van die navorser nie.

Die navorser was tydens hierdie fase versigtig om nie weer taal te gebruik wat die gemeenskap anders as die navorser sal interpreteer nie, en het om die rede een van die ouers self en ook haar kollega wat die gemeenskap se tale, naamlik Zoeloe en Sotho, magtig is gebruik om gesprek te fasiliteer. Die navorser was ook meer bewus van haar eie interpretasies van wat in die fase gebeur en het daarteen gewaak om haar idees op die groep af te dwing. Sy was ook meer doelgerig en het vooraf vir haarself probeer uitmaak met watter doel sy die vergadering geloods het.

Die navorser het die gemeenskap toegelaat om die vergadering ten volle te hou in hulle taal, al kon sy dit nie verstaan nie. Haar kollega het dit later vir haar geïnterpreteer. Dit was noodsaaklik sodat die ouers en onderwysers vrylik met mekaar kon praat en almal kon verstaan wat gesê is.

Die navorser het werklik probeer luister na die gemeenskap deur te hoor wat haar kollega vir haar verduidelik het na aanleiding van die gesprek wat gevoer is. Die

navorser het hulle (persone teenwoordig by vergadering) ook genoeg geleentheid gegee om hierdie gesprek te voer. Sy het ook probeer om 'n verskeidenheid behoeftes te reflekteer, soos byvoorbeeld 'n behoefte van die ouers aan skakeling met onderwysers, asook die behoefte aan vars water en beter toiletgeriewe by die skool.

Deurdat die navorser onder moeilike omstandighede deurgedruk het met die hou van die ouervergadering (dit was moeilik om ouers in die hande te kry en 'n vergadering 200 kilometer van die navorser se huis af op 'n Sondagoggend by te woon) is 'n wonderlike gesprekskonteks geskep waartydens die gemeenskap openlik oor behoeftes en probleme kon gesels.

Deurdat die navorser dwarsdeur die hele behoeftebepalingsproses supervisie ontvang het vanaf haar dosent kon sy 'n veelvuldige perspektief verkry op haar gesprekke met die gemeenskap omdat alle perspektiewe en idees van die navorser tentatief was en dus haar eie konstruksies van die werklikheid was.

# HOOFSTUK 4

# GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS: DIE WAARDE VAN TAALKONSTRUKTIVISME VIR DIE PROSES VAN BEHOEFTEBEPALING IN GEMEENSKAPSWERK

Die aanvanklike doelstelling van hierdie studie was om die taalkonstruktivisme as benaderingswyse te ondersoek waardeur die behoeftebepalingsproses in gemeenskapswerk meer sinvol en effektief uitgevoer kan word, met spesifieke verwysing na die kommunikasieproses.

Nadat die navorser die proses van behoeftebepaling geëvalueer het aan die hand van die taalkonstruktivistese beginsels was dit vir haar duidelik dat sy deur meer te let op hoe sy met 'n gemeenskap kommunikeer en wat sy kommunikeer baie meer inligting kan verkry wat ook meer sinvol is.

Die volgende spesifieke gevolgtrekkings en aanbevelings kan vermeld word:

## 4.1 GEVOLGTREKKINGS

- Elke keer wanneer die navorser nie haar kontakte in detail beplan het en wat sy gaan sê nie het misverstande ontstaan.
- Die navorser het verwarring geskep toe sy woorde gebruik het sonder om oor hulle betekenis na te dink. Sy moes eers die betekenis van hierdie woorde met

haarself en die gemeenskap uitgeklaar het alvorens sy dit gebruik het. Die navorser het besef dat soos Anderson en Goolishian (1988:372) dit stel, die gemeenskapswerker ook 'n "meestergesprekskunstenaar" moet wees wie se vaardighede lê in die skepping van ruimte vir en die fasilitering van 'n dialogiese gesprek. Hierdie "kuns" in gesprekvoering moet duidelik deur 'n gemeenskapswerker geoefen en verfyn word en kom dus nie "vanself" nie.

- Die navorser het soms net een woord gebruik om 'n klomp idees mee te kommunikeer wat die gemeenskapslede nie altyd verstaan het nie.
- Soms was die navorser nie self seker oor hoe sy dit wat sy aan die gemeenskap vra interpreteer nie - dit het tot baie verwarring gelei.
- Die navorser se kollega het haar geweldig baie gehelp met die kommunikasieproses omdat sy die fyner nuanses van gesprekvoering onder die ouers kon optel en met hulle daaroor kon kommunikeer. Dit het die navorser in staat gestel om by die gemeenskap se werklike gevoelde behoeftes uit te kom.
- Dit was vir die navorser na afloop van hierdie studie baie duidelik dat taalkonstruktivisme geweldig baie waarde het vir spesifiek die behoeftebepalingsfase in gemeenskapswerk. Deur vanuit die taalkonstruktivisme na haar werk te kyk kon die navorser dadelik vasstel waar sy in haar omgang met die gemeenskap gefouteer het. Die navorser het ook besef watter geweldig belangrike rol taal en kommunikasie speel in gemeenskapswerk.
- Taalkonstrutivisme het aan die navorser getoon hoe maklik dit is om aan te neem dat jy dink jy weet wat die beste vir 'n gemeenskap is.

- Die gemeenskap het altyd ook hulle eie persepsies en taalkonstruksies van hoe hulle hul werklikheid asook die gemeenskapswerker beleef. Hierdie persepsies en konstruksies is die sleutel tot sinvolle behoeftebepaling, en het die navorser in haar ondersoek gelei.
- Deur ook te gelet het op die nie-verbale gedrag van die gemeenskapslede kon die navorser meer inligting verkry het rakende of dit wat hulle sê werklik is hoe hulle gevoel het. Die navorser moes die nie-verbale gedrag van gemeenskapslede as rigtingwysers gebruik het om verdere uitklaringsgesprekke te inisiëer.
- Dit was baie belangrik vir die navorser om te kontroleer wat die gemeenskap verstaan het rondom die taal waarin die navorser met hulle gekommunikeer het. Die gemeenskaplike taal waardeur die navorser en gemeenskap dus gekommunikeer het is soms deur hulle anders geïnterpreteer as deur die navorser. Hierdie verskille in interpretasies moes uitgeklaar gewees het omrede die navorser vanweë haar eie taalkonstruksies oor hierdie gemeenskaplike taal gevolgtrekkings gemaak het waarop sy verdere kontak met die gemeenskap gebou het wat verskil het van dit wat hulle werklik aan die navorser wou kommunikeer.

## 4.2 AANBEVELINGS

- Elke kontak met die gemeenskap moet sorgvuldig beplan word, veral in terme van wat aan die gemeenskap gekommunikeer gaan word.
- Die gemeenskapswerker moet goed nadink oor die taal en terminologie wat hy

gaan gebruik om met die gemeenskap te kommunikeer, en in ag neem dat hulle die woorde wat hy gebruik anders as hy kan interpreteer.

- Daar moet gekontroleer word of die gemeenskap verstaan wat die gemeenskapswerker vir hulle vra, en die werker moet saam met hulle in gesprek tree en dit wat hy by hulle wil weet reflekteer en omskryf sodat hy seker is hulle verstaan mekaar. Hier is die metode wat Hope en Timmel (1984:58-63) meld, soos uiteengesit in hoofstuk drie onder 2.3.2, van groot waarde omdat dit die uitklaringsproses baie sinvol benader.
- Die gemeenskapswerker moet baie duidelikheid hê oor hoe hy self dit wat hy vir die gemeenskap wil vra, interpreteer.
- Indien die gemeenskapswerker nie die taal van die gemeenskap magtig is nie moet hy 'n betroubare persoon nader om as tolk of medewerker op te tree sodat daar nie 'n gebrek aan volledige sinvolle kommunikasie ontstaan nie.
- Alle woorde wat in gesprekke met die gemeenskap gebruik word moet met hulle en jouself uitgeklaar sodat misverstande nie ontstaan nie.
- Ten einde sinvolle behoeftebepaling te kan doen moet die gemeenskapswerker ag slaan op die beginsels van taalkonstruktivisme. Te veel inligting, gevoelens en idees gaan verlore indien daar nie pertinent op die kommunikasieproses self gelet word nie.
- Die gemeenskapswerker moet nie-verbale gedrag van die gemeenskap as 'n hulpmiddel gebruik om idees en persepsies in taal met die gemeenskap uit te klaar. Hy laat hom dus in sy gesprekvoering ook lei deur die nie-verbale gedrag van die gemeenskap.

## 4.3 SLOTOPMERKINGS

Volgens die taalkonstruktivisme word alle idees geskep en verander in taal. Die gemeenskapswerker kan ook slegs deur middel van taal betrokke wees by 'n gemeenskap.

In die huidige konteks waarbinne maatskaplike werkers werk is daar baie druk op die werkers om sterk klem te plaas op gemeenskapsontwikkelingsprogramme. Dikwels word hierdie programme egter te vinnig begin en beëindig as gevolg van hoë werksladings. Soms word daar ook net gefokus op die bereiking van konkrete behoeftes van gemeenskappe soos byvoorbeeld die bou van 'n kleuterskool of gemeenskapsentrum. Wanneer daar op so 'n wyse gewerk word gaan die delikate ontwikkelingsproses egter verlore en word projekte dikwels uitgevoer na gelang van dit wat die gemeenskapswerker dink die gemeenskap se behoeftes is en nie dit wat die werklike gevoelde behoeftes van die gemeenskap is nie.

Om die behoeftebepalingsproses taalkonstruktivisties uit te voer neem egter baie tyd, iets wat die moderne maatskaplike werker nie meer het nie. Tog is dit die moeite werd om deegliker te werk te gaan omdat gemeenskapsontwikkelingsprojekte makliker op eie bene sal kan staan indien die gemeenskap self betrokke was by die identifisering en aanspreek van hulle behoeftes. Aan die einde van die dag sal dit tyd spaar, want die gemeenskapswerker kan op meer belangrike gevoelens van die gemeenskap fokus. Hulle sal ook meer bemagtig wees om hulleself te kan help.

Gesprekvoering is die goue draad wat dwarsdeur die behoeftebepalingsproses moet

loop ten einde by die kern van 'n gemeenskap se behoeftes te kan uitkom. 'n Gemeenskapswerker moet altyd onthou dat wanneer hy of sy nie begin praat met 'n gemeenskap nie hy of sy slegs sal dink dat hy dink hy weet wat hulle behoeftes is. Eers wanneer hy die dinamika van dialoog begin ontdek sal hy saam met die gemeenskap nuwe realitiete ontdek en ontwikkeling kan begin fasiliteer. Hierdie realiteite is egter slegs relevant vir diegene wat in gesprek met mekaar tree, omdat daar nie 'n regte "waarheid" bestaan nie. Die taalkonstruksies van die betrokke gesprekvoerders sal die interpretasie van die behoeftes affekteer, beide vanaf gemeenskap na gemeenskapswerker en vanaf werker na gemeenskap.

# BIBLIOGRAFIE

Agere, S.T. 1982. The promotion of self-reliance and self-help organisations in community development in Zimbabwe: a conceptual framework. **Community Development Journal**, 17, 3:208-220.

Altafin, I. 1991. Participatory communication in Social Development. **Community Development Journal**, 26, 4:312-314.

Anderson, H & Goolishian, H. 1988. Preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. **Family Process**, 27, 4:371-393.

Anderson, H; Goolishian, H A & Windermand, L. 1986. Problem determined systems: toward transformation in family therapy. **Journal of Strategic and Systemic Therapies**, 5, 4:1-13.

Boeren, A. 1992. Getting involved: communication for participation development. **Community Development Journal**, 27, 3:259-271.

Botha, A. 1993. **Die Pastorale Fasilitering van Huweliksvolwassenheid by egpare vanuit die Selfdifferensiasieteorie met behulp van die Geneagram.** Ongepubliseerde Skripsie: Universiteit van die Oranje Vrystaat.

Broadbent, K P. 1978. Information and the rural community in developing countries: the case of the Philippines. **Community Development Journal**, 13, 1:35-42.

Carmen, R.E.R.M. 1988. Development communication: search for a participatory paradigm. **Community Development Journal**, 24, 4:264-272.

Delaney, A & Nuttall, R L. 1978. **AFB Research Report. Report on Needs Assessment Methodology**. New York: American Foundation for the Blind.

Dunham, A. 1970. **The new community organisation**. Ithaca, IL: Peacock.

Efran, J S; Lukens, R J & Lukens, M D. 1988. Constructivism: What is in it for you? **The Family Therapy Networker**, 12 5:27-35

Egan, G. 1986. **The Skilled Helper. A Systemic Approach to Effective Helping.** California: Brooks/Cole Publishing Company.

Freire, P. 1973. **Education for Critical Consciousness**. New York: Seabury Press.

Freire, P. 1994. **Pedagogy of the Oppressed**. New York: Penguin.

Graham, H & Jones, J. 1992. Community Development and Research. **Community Development Journal**, 27, 3:235-241.

Grossman Dean, R. 1993. Constructivism: an approach to clinical practise. **Smith College Studies in Social Work**, 36, 2:127-145.

Harman, W.W. 1988. Emerging trends of promise and concern in **Approaches that work in rural development**. Edited by J. Burnbridge. Munich. Sauer.

Henderson, P & Thomas, D. 1990. **Skills in Neighbourhood Work**. London: Unwin Hyman.

Hope, A & Timmel, S. 1984. **Community Worker's Handbook**, Vol.1. Zimbabwe: Mambo Press.

Keeney, B P. 1983. **Aesthetics of Change**. New York: The Guilford Press.

Keeney, B P & Ross, J M. 1992. **Mind in Therapy. Constructing Systemic Family Therapies**. Pretoria: UNISA.

Kramer, R.M. & Specht, H. 1969. **Community Organization Practice**. New Jersey: Prentice-Hall, Inc; Englewood Cliffs.

Legge, C D. 1966. Techniques of Discussion. **Community Development Journal**, 4:29-34.

Lombard, A. 1991. **Gemeenskapswerk en Gemeenskapsontwikkeling: Perspektiewe op Mensbeskouing**. Pretoria: HAUM-Tersiër.

Mitchell, W. 1987. Social Work with communities, in **Introduction to Social Work in South Africa,** Edited by B.W. McKendrick. Pinetown: Owen Burgess.

Mouton, J & Marais, H C. 1992. **Basiese Begrippe: Metodologie van die Geesteswetenskappe.** Pretoria: RGN-Uitgewers.

Nturibi, D N. 1982. Training of Community Development Agents for Popular Participation. **Community Development Journal**, 17, 2:106-119.

Odendal, F F. (Red); Schoonees, P C; Swanepoel, C J; du Toit, S J & Booysen, C M. 1984. **Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.** Johannesburg: Perskor-Uitgewers.

Perlman, R. & Gurin, A. 1972. **Community Organization and Social Planning.** New York: John Wiley & Sons.

Reason, P & Rowan, J. 1981. **Human Inquiry: A Sourcebook of New Paradigm Research.** Chichester: John Wiley and Sons.

Stufflebeam, D L; McCormick, C H; Brinkerhoff, R C & Nelson, C C. 1985. **Conducting Educational Needs Assessment.** Boston: Kluwer-Nijhoff Publishing.

Swanepoel, H. 1990. **Community Development: Putting Plans into Action.** Cape Town: Juta.

Watzlawick, P; Weakland, J H & Fisch, R. 1974. **Change: Principles of Problem Formation and Problem Resolution**. New York: W W Norton Company.